

DIE STUDIE VAN DIE
AFRIKAANSE WOORDESKAT
IN DIE 19DE EEU.

- 'N OORSIG -

Deur

Cornelia de Bruyn Loubser.

Skripsie

aangebied ter gedeeltelike voldoening aan
die vereistes vir die graad M.A. in

Nederlands en Afrikaans

aan die

Universiteit van Kaapstad.

1950.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

INHOUDSOPGAVE.

Bladsy.

HOOFSTUK I.

Inleiding	1
Bronne	8

HOOFSTUK II.

Van Teenstra tot en met Changuion, (1825 - 1844)	11
Bronne	30

HOOFSTUK III.

Van Changuion tot en met Mansvelt, (1844 - 1884)	34
Bronne	51

HOOFSTUK IV.

Van Mansvelt tot en met die „Patriot”- Woordeboek, (1884 - 1902) ...	54
Bronne	62

HOOFSTUK V.

'n Voorlopige ondersoek na die gangbaar- heid van sommige woorde in Changuion se „Proeve” .	65
Bronne	81

<u>'N DANKSTUIGING</u>	82
------------------------------	----

Studie van die woordeskat is maar 'n deel van die studie van 'n bepaalde taal, want onder andere moet ook nog rekening gehou word met die klankleer, die vormleer en die sinsbou.

'n Ontleding van die woordeskat is egter buitengewoon interessant en sluit in 'n studie van die vorm sowel as van die betekenis en die funksie van die woord. Hoekom is dit so interessant? Dit is by die meeste mense die woord, en nie soseer die sin of die grammatiese konstruksie nie, wat eerste die aandag trek, die belangstelling prikkel, en die lus opwek tot 'n verdere ondersoek van die taal. As ons 'n vreemde taal wil aanleer, is die kennis van woorde in daardie taal nog altyd een van die eerste vereistes, en die wetenskaplike taalstudie, 'n grammatikale ontleding van die taal byvoorbeeld, is ondenkbaar sonder begrip van woorde.

Daar was van die vroegste tye af nog altyd by taalliefhebbers belangstelling vir die woordeskat van die taal.

Ons tref dit aan by die Egiptenare, die Grieke, die Romeine en ander ou volke. Professor J. du P. Scholtz haal die voorbeeld aan van 'n Egiptiese koning, Psammetikus, wat orals¹⁾ laat rondsoek het na die herkoms van 'n sekere „woord“, bokos. Die Grieke en die Romeine het veral belang gestel in die afleiding van woordbetekenisse en het soms sonderlinge verklarings vir woorde gehad. En van die middeleeuse geleerdes sê Scholtz: „(Hulle) was net so ywerig met hul afleidings van Latynse woorde as die Romeine self, en hul verklarings was net so vreemsoortig. Barbarus, waaruit ons woord barbaar kom, het hulle beskou as 'n samestelling van barba „baard“ en rus „platteland“, omdat hulle gemeen het dat bewoners van die platteland ruwe baarde gedra het, en dat alle

2)
plattelanders barbare was".

Ook wat vroeë belangstelling in die Afrikaanse woordeskat betref, kan ons voorbeelde noem. Eienaardige woorde en woordvorme word al vroeg opgeteken deur besoekers aan die pasgestigte Nederlandse nedersetting aan die Kaap.

Die reisiger Wilhelm ten Rhÿne, wat in 1671 aan die Kaap was, haal reeds aan hoe Hottentotte hier Hollands praat en daarby woorde gebruik uit Portugees afkomstig: masky,
3)
boeba, bravas, Bachaley (: baklei) Plaats, on by haas elke beskrywing van 'n Kaapse reis na dié tyd kan ons woorde opgeteken vind, wat op een of ander manier kenmerkend of eienaardig is ten opsigte van die taal wat hier gepraat word deur die blankes.

In die boek van Prof. J. du P. Scholtz,
UIT DIE GESKIEDENIS VAN DIE NAAMGEWING AAN PLANTE EN
3a)
DIERE IN AFRIKAANS, is talle voorbeelde te vind. J.D. Bütner beskryf waarom 'n sekere soort waterplant die naam Hottentotsblare
4)
hier aan die Kaap gekry het. Die woord is 'n nuwe samestelling wat die Kapenaars self gemaak het. Otto Frederik Mentzel het teen die einde van 1732 na die Kaap gekom en hy wys daarop dat die mense hier 'n sekere soort voël, wat glad nie soos die Europese vink lyk nie, tog vink noem.
5)
Le Vaillant, wat aan die Kaap verhoof het van 1780 tot 1785, skryf weer dat die Kapenaars 'n groot soort patrys
6)
Faisant noem; en 'n panter tyger.
7)
Die onnoukeurige toepassing van bekende name val hom dus op.

Sulke opmerkings kom voortdurend voor tot vandag toe. Vroeg in die 19de eeu kry ons onder andere die volgende voorbeelde:

Lichtenstein, vanaf 1803 tot 1806 aan die

Kaap, sê dat die gevlekte hiëna hier sommar wolf genoem
8)
word.

J.W. Janssens, goewerneur aan die Kaap
9)
van 1803 tot 1806, wys op die besondere betekenis wat bossie
hier het.

Burchell, wat van 1810 tot 1814 aan die Kaap
vertoef het, noem 'n plant wat in die Kolonie Rood Elze (Red Alder)
genoem word, en sê dat dié boom nie die minste ooreenkomst met die
10)
Europese "Alder" vertoon nie.

Swaving wat in 1827 hier aankom, wys op die
verskil in betekenis van sekere woorde, soos hier en in Nederland
gebruik, byvoorbeeld kuveren en krÿgen beteken in Nederlands respektiewelik om te wandel en om te ontvang, maar aan die Kaap het daar
hoelwat betekenisverruiming ingetree. Volgens Swaving beteken die
woorde hier respektiewelik bezoeken en ontmoeten. Hy sê hy sou selfs
11)
'n boekie kon opstel oor al die "verkeerde interpretatien".

In die 20ste eeu duur die belangstelling vir
eienaardige woorde of woordgebruik onafgebroke voort. In P.J.
Mienaber se ERONKEGIDS word 'n hele reeks artikels genoem oor woorde
12)
soos amper, baie, hottel, dolos, dopper, gramadoelas, kabaai, rondawel,
13) 14)
kalfater, oorlam, haar, kannie-koenie, ensovoorts.

Al hierdie voorbeelde egter het betrekking op "los"
woorde. En veral dié uit die 17de en 18de eeue getuig nie van
belangstelling in die taal in die eerste plek nie. Opmerkings word
terloops gemaak. Dis geen bewuste studie nie, geen sistematiese
versameling nie, en gee ons dus geen insig in die geaardheid van die
woordeboek van die taal nie.

Die belangstelling vir die versameling of

groepering van woorde, teneinde 'n indruk te kry van die eienaardighede van die woordeskat, ontwikkel eers langsaamerhand in die 19de eeu. Dis hierdie ontwikkeling in die 19de eeu ten opsigte van wat eers nog Kaaps-Hollands, later Afrikaans, genoem word, wat die onderwerp van my studie sal wees.

Dat daar voor die 19de eeu nog nie veel sprake is van bewuste studie van die woordeskat nie, is begryplik. Nederlands is die offisiële taal, die studie daarvan word in Nederland gedoen. As spreektaal is daar „Kaaps-Hollands“, maar dié word nog algemeen geminag en nie as 'n taal beskou nie. Op sommige „Kaaps-Hollandse“ woorde word dan wel die aandag gevestig, omdat hulle 'n besoeker tref as eienaardig, maar niemand vind dit die moeite werd om sy tyd aan 'n hele studie te bestee nie. In die tweede plek het ook alle middele tot openbare skriftelike uiting aan die Kaap ontbreek. Daar was geen pers nie. Eers met die opkoms van die joernalistiek in die 19de eeu het dit vir die mense prakties moontlik geword om hul gedagtes op papier te sit, vir verspreiding onder die publiek. Ons het wel geskrewe stukke in die vorm van handskrifte uit die tyd voor die totstandkoming van die drukpers, en soos reeds geblyk het, is daar baie beskrywings van besoekers aan die Kaap. Maar as dié soort werk in boekvorm verakyn het, dan is dit oorsae gepubliseer en het geen betekenis vir die Kaapse inwoners gehad nie.

Afwykinge in 'n bepaalde taal word dikwels gouer en makliker deur buitestaanders opgemerk as deur die inwoners van die land self, en ons het gesien dat hier dan ook inderdaad los voorbeelde van belangstelling vir woorde te vind is. Onderzoek deur ander het egter duidelik aan die lig gebring dat daar in hierdie gevalle geen doelbewuste belangstelling was vir die Kaaps-Hollandse woordeskat nie. Die doel van hierdie reisbeskrywings was nie om

die spesifiek „Afrikaanse" woord aan te toon nie, en as hulle iets in hierdie rigting bevat, sal dit maar net baie terloops wees. In sy LEKSIKOLOGIESE AANTEKENINGE UIT OU KAAPSE BRONNE, wys Prof. Scholtz ook nog op die volgende: „Die vreemde reisigers het dikwels nie genoeg Nederlands geken om te onderskei tussen wat spesiaal Kaaps en algemeen Nederlands was nie, en dit is alleen die verskilpunte tussen die Afrikaanse en die Nederlandse woordeskat wat ons interesseer".¹⁵⁾

Kyk ons na ons eie tyd, die 20ste eeu, dan vind ons dat die Afrikaanse woordeskat meer en meer aandag ontvang, nie alleen in die vorm van belangstelling vir die „moderne" woordvoorraad nie, maar ook vir „ou" woorde, wat in vroeër tye al in een of ander opsig merkwaardig was. In hierdie verband kan ons heelwat voorbeelde noem.

Daar is die artikel van L.C. van Oordt,¹⁶⁾ GREPE UIT DIE GESPROKE TAAL VAN 1700. Die skrywer se doel was om die „ouderdom" van 'n aantal losstaande woorde, wat ons vandag nog in Afrikaans aantref, maar nie in Nederlands nie, „nader te bepaal". Die woorde is: werda, sa, loesing, booi, (al)maskie en ong. Hy haal hierdie woorde in hul sinsverband aan uit die CRIMINELE JUSTITIËN in die Kaapse Argief. Dan gaan hy na of die woorde in dieselfde betekenis ook voorkom in latere woordstudies.

So het daar in die TYDSKRIF VIR WETENSKAP EN KUNS, jaargang 1939, twee artikels van S.F. du Plessis-Muller verskyn oor: DIE WOORDESKAT VAN DIE DAGBOEK VAN LOUIS TRICHARDT.

J.A. Hofmeyr het 'n tesis geskryf oor DIE TOESTAND VAN AFRIKAANS IN 1779 NA AANLEIDING VAN NIKAR SE DAGVERHAAL, en noem onder andere twee suiwer Afrikaanse

woorde, aba en padgee.

Prof. J. du P. Scholtz het etlike uitvoerige
17)
artikels gewy aan woorde uit ou Kaapse bronne en dieselfde
belangstelling vind ons ook in sy **UIT DIE GESKIEDENIS VAN
DIE NAAMGEWING AAN PLANTE EN DIERE IN AFRIKAANS.**

Readpleeg ons P.J. Nienaber se **BRONNEGIDS**,
dan vind ons dat bogenoemde voorbeelde van belangstelling vir die
vroeëre Afrikaanse woordeskat nog aangevul kan word. Nienaber
noem op bladsy 143, J.L.M. Franken se **BYDRAGE TOT DIE
AFRIKAANSE KULTUUR- EN TAALGESKIEDENIS**, wat verskyn het in drie
18)
afleweringe van die **TYDSKRIF VIR WETENSKAP EN KUNS**, sowel as
sy artikel **MEDEDELINGE EN OPIENIES OOR AFRIKAANS IN DIE
19)
NEENTIENDE EEU**. Op bladsy 144 noem hy artikels van J.J. Smith,
20)
M.C. Botha, W.A. Hofmeyer en **TAALWAG**, en op bls. 175 verskyn
J.J. Smith se naam weer by die artikels **VERHOUDERDE WOORDE EN
UITDRUKKINGE IN AFRIKAANS**, wat in **DIE VOLKSTEM** en **DIE
20a)
HUISGENOOT** verskyn het.

By die lees van hierdie soort werk wat
getuig van 20ste eeuse belangstelling vir die Afrikaanse woord
van vroeër tye, kom ons telkens die name van Changuion en Mansvelt
teë. Dit blyk dat A.N.E. Changuion in 1844 'n boek laat publiseer
het, getitel **DE NEDERDUITSCH E TAAL IN ZUID-AFRIKA HERSTELD,
ZYNDE EENE HANDLEIDING TOT DE KENNIS DIER TAAL, NAAR DE
PLAATSELYKE BEHOEFTE VAN HET LAND GEWYZIGD**. Agter in hierdie
boekie verskyn **PROEVE VAN KAAPSCH TAAL EIGEN**. Ook het daar van
W. Mansvelt in 1884 verskyn: **PROEVE VAN EEN KAAPSCH-HOLLANDSCH
IDIOTICON, MET TOELICHTINGEN EN OPMERKINGEN BETREFFENDE LAND,
VOLK EN TAAL**.

Hieruit sien ons duidelik dat daar in die 19de

een 'n doelbewuste strewe moes ontstaan het om woorde uit die
die tyd te versamel en te groepeer.

Op eietydse belangstelling in die taal gedurende die
19de eeu, het Dr. J.L.M. Franken gewys in sy reeds genoemde artikel
in DIE HUISGENOOT van 1 Julie 1927.²¹⁾

Wat die aard van die 19de eeuse belangstelling
spesiaal in die woordeskat was en tot watter ontwikkeling dit gekom
het, asook watter gevolgtrekkings ons uit dié studie kan maak, sal
die doel wees van hierdie skripsie.

HOOFSTUK I - BRONNE.

- 1) Scholtz, J. du P.: Die Mens se Taal. Die Afrikaanse Kinderensiklopedie. Onder redaksie van Dr. C.F. Albertyn. Deel I. Kaapstad, ens. 1943, bls. 35.
- 2) T.a.p., bls.36.
- 3) Hesseling, D.C.: Het Afrikaans. Bydrage tot de Geschiedenis der Nederlandse Taal in Zuid-Afrika. Tweede Herziene en Vermeerderde uitgave. Leiden. 1923, bls.55, voetnoot.
- 3a) Kaapstad. 1941.
- 4) Scholtz, t.a.p.: bls. 31. Bütner se geskrif dateer vermoedelik uit 1715.
- 5) Scholtz, t.a.p.: bls.12, voetnoot 12).
- 6) Scholtz, t.a.p.: bls. 11, voetnoot 11).
- 7) Scholtz, t.a.p.: bls. 12, voetnoot 13).
- 8) Scholtz, t.a.p.: bls. 12, voetnoot 14).
- 9) Verwysing by Franken, J.L.M.: Mededeling en Opinie oor Afrikaans in die Neëntiende Eeu. Die Huisgenoot. 1 Julie 1927, bls. 41.
- 10) Scholtz, t.a.p.: bls. 16, voetnoot 19).
- 11) Aangehaal in 'n artikel, (Die) Afrikaans in 1827. - Dit Bastaars Hollandsch. Die Volksblad. 17 September 1918 (deel 14, no. 1154) bls. 6. Ongetwyfeld oorgeneem uit Swaving se boek, Zonderlinge Ontmoetings. Dordrecht 1830.
- 12) Niemann, P.J.: Bronnegids by die studie van die Afrikaanse

Taal en Letterkunde. Johannesburg. 1947, bls. 145.

Afsonderlike woorde.

- 13) Mienaber, t.a.p.: bls. 175. Woordeskat en woordgebruik.
- 14) T.a.p.: bls. 176. Afsonderlike woorde.
- 15) Tydskrif vir Wetenskap en Kuns. Bloemfontein. Mei 1947, bls. 21.
- 16) Die Huisgenoot, 15 Mei 1936 (deel 20, no. 738), bls. 27.
- 17) Br.: Hydrae tot die Geskiedenis van die Afrikaanse Woordeskat. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns. Oktober 1935; Verdere Hydrae tot die Geskiedenis van die Afrikaanse Woordeskat; Boniface se Afrikaans, 1830-1832. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns. 28 Desember 1943; Leksikologiese Aantekeninge uit ou Kaapse Bronne. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns. Mei 1947. Twee artikels.
- 18) a) Catrinha Kel. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns. Junie 1927, bls. 214-20.
b) Van der Heiden en die swart slaaf. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns. Maart 1928, bls. 148-57 en Junie 1928, bls. 195-201.
c) Die taal van die slawekinders en fornikasie met slavinne. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns. September 1927, bls. 21-40.
- 19) Die Huisgenoot, 1 Julie 1927, bls. 41 vlg.
- 20) Smith, J.J.: Uit die Geskiedenis van woorde. Reeks artikels in Die Suiderstem van 24 September 1938 af.
Botha, M.C.: Uit die oue-tehuis van ons taal. Die Brandwag 22 September 1939.
Hofmeyer, U.A.: Oor die kinderdag van Afrikaans. Die Burger. 21 Maart 1940.
Taalwag: Uit die taal van ons oumense. Reeks artikels in

Die Burger van 22 Junie 1940.

20a) Resp. 7 September 1935 en 18 Oktober 1935.

21) Nededelinge en Opinions oor Afrikaans in die Neëntiende Eeu.

HOOFSTUK II.

VAN TEENSTRA TOT EN MET CHANGUION,

(1825 - 1844).

Die eerste bewuste poging om Afrikaans te ondersoek, het gekom van H.D. Teenstra. Prof. J. du P. Scholtz stel wel die volgende vraag: „... of die lied (ter ere van die Swellendamse burgers) nie opsetlik in die spreektaal van die burgers gestel is en dan as die oudste „literêre“ produk in Afrikaans moet beskou word nie?”¹⁾ Maar ook al is hierdie vermoede juis, dan raak dit nog nie die groot verskil van opset tussen die twee stukke nie. In die Lied word die Afrikaanse taalvorms klaarblyklik gebruik om die spottende toon van die gedig te verskerp. Daar is geen poging om die leser tot nabetragting van die taal self te lei nie, geen strewe na oorsigtelikheid of groepering van eiensaardighede soos in Teenstra se samespraak nie. Onderzoek ons Teenstra se eie beskrywing van die doel en aard van die samespraak, dan ontdek ons hier 'n ernstige poging om 'n stukkie gesproke taal in lewende verband noukeurig waar te neem en weer te gee. Hoe gebrekkig die resultaat ook al mag wees, die uitgangspunt is bewuste taalondersoek.

As reisiger uit Groningen, het Teenstra hier aan die Kaap opgelet hoe daar lingsamerhand afwykende verskynsels in die Nederlandse taal ingedring het. Die mense se sedes en gewoontes het nog wel 'n Hollandse karakter gehad. Dr. Franken sê:²⁾ „Holland word nog die Vaderland genoem”. Die gesproke taal van baie Kapenaars was egter duidelik nie meer suiwer Nederlands nie. Teenstra se doel was toe om deur middel van hierdie samesprake aan sy volksgenote in Holland, 'n skriftelike beeld te gee van hoe die mense hier aan die Kaap praat.

In 1830 verskyn uit sy pen DE VRUCHTEN
MÏJNER VERKZAAMINGEN, GEDURENDE MÏJNE REIZE, OVER DE KAAP DE
GOEDE HOOP, NAAR JAVA, EN TERUG, OVER ST. HELENA, NAAR
DE NEDERLANDEN,³⁾ waarin opgeneem is 'n kort samesprake (geskryf in
1825): ZAMENSpraak OF UITTREKSEL VAN EEN DOOR MÏJ GEHOUDEN

GESPREK MET EEN' BOLR, DESZELF'S VROUW EN HUNNE SLAVEN,
TE CALEDON, KOLONIE KAAP DE GOEDE HOOP.⁴⁾ Dit is egter
grootliks uit sy geheue opgeteken, en is dus nie heeltemal betrou-
baar nie. Ook onderskei hy nie tussen stads- en plattelandse taal
nie. Tóg was dit 'n bewuste poging om aaneenlopende Afrikaans te
skryf, en aan die Hollanders te toon hoe Hollands in die mond van
die Kapenaars besig was om tot iets anders te ontwikkel. "Hier
het ons", sê Franken, "n bewuste poging om 'n beeld te gee van die
taal in die vorm van 'n samespraak, en Teenstra is daarmee die eerste
vreemdeling wat hier korter of langer vertoef het, wat op die gedagte
gekom het om dit te doen".⁵⁾ By hierdie gesprekke verskyn
opmerkings deur Teenstra self. Hy wou deur dié samesprake 'n
beeld gee van "de grootste en misschien de meeste taalfouten
ongewone gezegden en eigene spreekwijzen"⁶⁾ wat Kaaps-Hollands gekenmerk
het. Wat die woordeskat betref, vestig hy die aandag nog weer op die
woorde: banja, biltong, hog of hagt, braaf, combuis, hewwe (: Neder-
lands: hebben, Afrikaans: hê), kuysaren, Nonna of Nonja, pad, pleigier-
lig, Sener, Sies (uitroep), voor (: vir).

Volgens G.S. Nienaber "vul sy (Teenstra se)
Zamespraak die Lied (ter ere van die Swellendamse Burgers) op baie
punte taalkundig mooi aan",⁷⁾ en is dit "die oudste voorbeeld van 'n
aaneenlopende stuk in dramatiese vorm waarin doelbewus van
Afrikaans gebruik gemaak word".⁸⁾

Prof. J.L.H. Franken het 'n taalkundige
beskouing oor Teenstra se Samespraak geskryf vir die uitgawe van die
werk deur die VAN RIEBEECK-VERENIGING.⁹⁾

Hy sê duidelik dat dit "slegs 'n growwe
benadering en 'n uiters gebrekkige weergawe is van die Afrikaanse
taalstaat van die tyd".¹⁰⁾ Dit sal ons in gedagte moet hou telkens
as ons gebruik maak van hierdie taalmateriaal.

Om na te gaan hoe die afwykings waarop Teenstra die aandag vestig, ontwikkel het, sou ons ooreenkomstige taal uit vroeër tyd daarmee moet kan vergelyk. Prof. Franken dui aan waar dergelike bronne te vind is, naamlik in die briewe van boere aan landdroste, en self verskaf hy dan 'n aantal gegewens uit sulke briewe. Hy kom egter nie tot 'n sorgvuldige vergelyking met die eienaardighede by Teenstra nie. Sy gevolgtrekkings is van algemene aard en raak hoofsaaklik die klank-, vorm- en sinsleer. Die enigste verwysing na die woordeskat, vir sover dit afsonderlike nuwe woorde betref, is dié waarin meegedeel word dat bra en baie goen enkels keer voorkom in die briewe van voor 1825, wat prof. Franken ondersoek het nie. Met afsonderlike nuwe woorde bedoel ons woorde wat nie as gevolg van 'n sistematiese verandering van klank-, vorm- of sinsbou gewysig is nie, maar wat op sigself, dit wil sê onafhanklik van 'n groep, sover afwyk van Nederlands dat hulle in daardie taal onmiddellik as vreemd gevoel word.

'n Ander deel van Prof. Franken se bydrae is vir ons studie van meer waarde. Dis die uitgebreide woordelys wat hy agter toevoeg. Hy het naamlik die hele werk van Teenstra nagegaan en daaruit dié woorde versamel wat afwyk van Nederlands. Soos hy self sê, is dit 'n lys van „spesifiek Afrikaanse en ook van Nederlandse woorde, wat 'n Suid-Afrikaanse stempel dra of aan die Kaap 'n meer spesiale of gewysigde betekenis erlang het". Ook by hierdie lys bly dit maar by 'n paar opmerkings oor 'n paar woorde. Dis egter die lys self wat vir ons later van belang kan wees in die ondersoek na wanneer en waar 'n bepaalde woord voorkom. 'n Beswaar hier is, dat die lys nie alfabeties gerangskik is nie, maar hoofsaaklik volgens onderwerp, en dat daar geen vindplaas vermeld word nie.

Ongeveer in dieselfde tyd as Teenstra,

was J.G. Swaving hier aan die Kaap, as beëdigd Interpreteur
Translateur van het Hooge Geregthof" en „docent in't frans". 10a)
Daar verskyn uit sy hand 'n boek, wat hy as tolk geskryf het. 11)
Verwysings en uittreksels daaruit, kry ons by Prof. Franken, 12)
sowel as in 'n artikel in 'n uitgawe van DIE VOLKSELAD. 13) In
hierdie artikel word dié gedeelte aangehaal waarin hy sy mening
lug oor Kaaps-Hollands soos gepraat omstreeks 1827. Hy noem dit
DIT BASTAARS HOLLANDSCH.

In sy HUISGENOOT-artikel gee Dr. J.L.M.

Franken onder andere 'n kort samevatting van Swaving se opinie oor
Kaaps-Hollands soos gepraat in sy tyd. Dr. Franken sê dat Swaving
in die hoodanigheid as tolk die geleentheid gehad het om met die
spreektaal van alle klasse van die samelewing in aanraking te kom.
Hy onderskei, sê Franken, tussen: „Bastaard Hollandsch' wat
gepraat word deur boer, slaaf, Kaffer en Hottentot; 'n Hollands
gekontamineer deur hierdie baster-Hollands gepraat deur die Kaap
se notabeles; suiwer Hollands gepraat deur dié wat in Nederland
gebore of opgevoed is". Swaving het wel gesien dat daar Maleise
en Portugese elemente in die „Bastaard Hollandsch" is, maar dit was
nie van so 'n aard dat dit hierdie taalvorm heeltemal onverstaanbaar
gemaak het vir aankomende Nederlanders nie. Dr. Franken sê op
bls. 57 van DIE HUISGENOOT: „Tog is dit hom (Swaving) onverstaan-
baar hoe die Hollands hier so kon verbaster het. Die Afrikaanse
beeldspraak is nie te verstaan vir diegene wat nie hier grootgeword
het nie". Verder wys Swaving op die verskil in betekenis van
sekere woorde hier en in Nederland: byvoorbeeld kuveren, krvgen
beteken aan die Kaap, volgens Swaving, begoeien ontmoeten („in de
(lees: het) tweede geval vermoedlik (lees: vermoedelyk) in de zin
(lees: zin) van ek sal vir jou kry, wag maar! - Red. VOLKSELAD").
Swaving sê hy sou selfs 'n boekie kon opstel in verband met al die

„verkeerde interpretatien“. Daarby kom nog al die „zinnebeeldige vergelykingen“. Hy praat van sy moeilike rol as tolk hier „in dit tweede land van Babel“. In sy boek sê Swaving duidelik: „(Dit) is en blyft een onbegrypelyke zaak, hoe eene taal onder die van het moederland afgescheidene oorspronkelyke volkstammen, op zulk eene erbarmelyke wyze geradbraakt en als 14) het ware geheel on al uit haar verband kan gerukt worden,...“.

„Wat sy taak as vertaler nog beswaar het, is dat hy g'n behoorlike hulp uit die bestaande Nederlandse Hoorde- 15) boeke kry nie“.

Die boeke van Teenstra en Swaving het in 1830 in Nederland verskyn. Nou vra ons onself af: het die boeke toe al ook aan die Kaap bekend geraak, is hulle hier wel gelees en het die ZAMENSPRAAK en Swaving se opmerkings bygedra tot die ontwikkeling van 'n plaaslike belangstelling vir die Afrikaanse woordeskat?

Dagblaas en tydskrifte gee nie veel blyk daarvan nie. Volgens Prof. Scholtz se navorsing in hierdie bepaalde rigting, lewer 'n belangrike blad soos HET ZUID AFRIKAANSCH TÏD-SCHRIFT geen artikels en briewe op wat in direkte verband staan met 16) Teenstra of Swaving se werk nie.

Klaarblyklik was daar nóg ten opsigte van die boeke as geheel, nóg ten opsigte van die mededelings oor die taal, enige reaksie van belang aan die Kaap; iets wat onder die omstandighede wel begryplik is: die boeke is vir Nederlanders geskryf en in Nederland uitgegee. Swaving en Teenstra was altwee vreemdelinge, Swaving nog maar enkele jare in die land, Teenstra slegs 'n besoeker. Verder was die pers in die Kaapkolonie nog maar jonk. Vryheid van

die pers is pas in 1829 verkry.

Vir die ontwikkeling van belangstelling in die taal, is die moontlikheid om te publiseer, dit wil sê om die belangstelling in 'n tydskrif kenbaar te maak, van groot belang en ons sal dan ook voortdurend rekening moet hou met die opkoms en groei van die joernalistiek, juis in hierdie tydvak. Ons sal merk dat daar inderdaad in die verdere loop van die 19de eeu telkens stukke in Afrikaans geskryf word, hoofsaaklik briewe en samespreke. Maar dit lyk nie of daar aanvanklik oor die taal van gedagtes gewissel word nie, en gegewens oor die belangstelling vir woorde is dan ook nie voorhande nie.

In 1842 verskyn daar in die Z.A.T. egter iets wat in hierdie rigting wys. Dis 'n redevoering wat dr. A.H.E. Changuion twee jaar van tevore gehou het. Die opskrif 17) lui: REDEVOERING TOT AANPRYSING (lees: aanpryzing) VAN DE BEOEFENING DER NEDERDUITSCHS TAAL EN LETTERKUNDE IN ZUID-AFRIKA. In die stuk betreur Changuion dit dat Nederlands aan die Kaap besig is om te verval tot 'n onsuivere spraak. Hy sê dan: „Reeds lang heb ik behoefte gevoeld (en die behoefte zal wel door menigen onderwyzer met my gevoeld zyn) aan een boek, dat by het onderwys in de Nederduitsche taal tot grondslag dienen kan, en daarby opzettelyk voor de Kaapsche jeugd ingerigt is, door haar al het gewestelyke, dat is, al wat zonder echt Hollandsch te zyn, zelfs onder beschaafde sprekers in zwang geraakt is, aan te wyzen en daarvoor te waarschuwen. Zulk een werk op te stellen is myn voornemen, maar zal het tot stand komen, dan behoef ik uwe hulp. Gy merkt de dagelyks insluipende verbaastering in uwe spraak niet op. Gy wordt het niet gewaar hoe de taal uwer voorouders allengs van gedaante en kleur verandert, hoe zy met Engelsche, Hoogduitsche en andere woorden en spreekwyzen als met de veelkleurige pluim van eens voddensmarkt uitgemonstert, eerlang

18)
zoo kakelbont zal worden als een harlekeinspak".

In sy STUDIE oor Dr. A.N.E. Changuion
sê A.H. Conradie: "Dit blyk duidelik dat Changuion die
Afrikaans van destyds as 'n minderwaardige verbastering van
Nederlands, meestal in die mond van Hottentotte beskou het -
'n bastaardtaal wat egter gedreig het om Nederlands heeltemal te
verdring aan die Kaap. Kaaps-Hollands was nie net 'n
Hottentotstaal nie - dit was die taal van die volk, maar dit
19)
het dr. Changuion nog nie besef nie".

Dr. Antoine Nicolas Ernest Changuion, op
15 Desember 1803 te 's Gravenhage gebore en op 14 Oktober 1881 te
Basel oorlede, se familie was Protestants van Hugenote-herkoms.
As Hollander was hy 'n voorvegter van die Hollandse taal in
20)
Suid-Afrika," maar teleurgesteld is hy in 1865 terug Europa
toe. Engelbrecht sê: "hy was nie 'n vreemde fortuinsoeker nie.
Hy wou die Afrikaners dien".

Van 1831 tot 1841 was hy professor in
Hollands aan die ZUID-AFRIKAANSCH AGENSIE. Met hierdie doel
het hy eintlik na Suid-Afrika gekom, en later het hy tot 1856 'n
private Latynse skool in Kaapstad bestuur. In 1842 was hy dus
al geruime tyd hier aan die Kaap, en het hy behoorlik geleentheid
gehad om te hoor hoe die mense praat. Hy was ook met 'n Kaapse
dame, Mej. Faure, getroud. Die opvallende afwykings van Neder-
lands in die spraak van die Kapenaars het sy belangstelling
gaande gemaak, sodat hy sover kom om hom te wy aan 'n nadere
studie. Wat die gevolgtrekking is waartoe hy kom, blyk duide-
lik uit die stuk hierbo, aangehaal uit die redevoering van 1940.
Dit word Changuion so deel om die Nederlandse taal hier aan die
Kaap weer in ere te herstel deur die suiwerheid daarvan te

bevorder, hoewel hy sy taak as byna onuitvoerbaar beskou het. Hy voel die behoefte aan 'n boek, waarin die Kaapse jeug op die vreemde elemente gewys en daarteen gewaarsku kan word.

Hy stel hierdie werk saam en dit verskyn in die jaar 1844 in Kaapstad onder die titel DE NEDERDUITSCHES TAAL IN ZUID-AFRIKA HERSTELD, ZYNDE EENE HANDLEIDING TOT DE KENNIS DIER TAAL, NAAR DE PLAATSELYKE BEHOEFTE VAN HET LAND GEWYZIGD.

In sy VOORREDE tot hierdie werk sit die skrywer sy doel uiteen. Dié stel hy nou bietjie anders as in sy redevoering. Die boek word nou nie meer alleen vir die „Kaapsche jeug“ bedoel nie, „maar ook, en wel in de eerste plaats, voor aangaande onderwysers“. En hier kom dan nog by dat Changuion voel dat sy werk „ook voor Nederlanders eene belangryke zýde hebben kon“²¹⁾. Dit lyk asof hierdie laaste oorweging al sterker posgevat het by Changuion in die loop van sy skryfwerk. Hy erken dat sy oorspronklike doel, om „het Nederduitsch in Zuid-Afrika te herstellen“, vir hom nou voorkom as onuitvoerbaar. Tog stuur hy op 12 April 1848 nog 'n ontwerp vir 'n Nederlandse woordenboek na Leiden, vermoedelik vir gebruik ook in Suid-Afrika.

Die boek DE NEDERDUITSCHES TAAL IN ZUID-AFRIKA HERSTELD, is eintlik 'n spraakleer, wat die algemeen gebruiklike indeling van die tradisionele grammatika volg: Lettertakens en Uitspraak, die Rededele, Verbuiging en Vervoeging, Afleiding, Spelling, Sintaksis. Changuion toon in sy behandeling van die verskillende onderwerpe, dat hy op die hoogte probeer bly van die ontwikkeling van die taalstudie in Nederland. Hy gee sy eie beredeneerde mening, en pas nuwe

opvattings toe waar hy meen dat hulle waardevol is. Hy is 'n aanhanger van die versenvoudigde spelling van Siegenbeek, hy is teen alle kunsmatigheid, waarsku byvoorbeeld teen letteruitspraak en teen verwarring van inhoud en vorm by die verbuiging en vervoeging. Uit die werk blyk dat hy oor helderheid van gees beskik. Hy is dus blykbaar 'n redelik betroubare waarnemer op wie se gegewens ons kan staatmaak. Afgesien egter van enkele kort opmerkings, 'n paar verwysings en 'n aantal voorbeelde, is daar niks in hierdie sprankleer wat spesiaal betrekking het op die „Kaapsch Taaleigen“, soos Changuion dit noem nie. Dis 'n grammatika van die Nederlandse taal.

Vir ons doel sou dit dan ook vrywel waarde-loos gewees het, was dit nie dat Changuion aan die end, onder die titel PROEVE VAN KAAPSCH TAALEIGEN, 'n lys van woorde toevoeg, wat hy van INLEIDENDE AANMERKINGEN voorsien het nie.

Uit hierdie AANMERKINGEN blyk nogeens duidelik dat Changuion sy oorspronklike doel om die Kapenaars suiwer Nederlands te leer praat, vaarwel gesê het, ook ten opsigte van die lys. Hiervan was die hoofdoel eers, „om het Nederduitsch, voor zoo ver de taal, die in deze Kolonie gesproken wordt, dien naam dragen mag, van deels geheel vreemde, deels verminkte woorden en spreekwyz²²⁾en te zuiveren, of althans den weg daartoe aan te w²²⁾yz²²⁾en“.

Changuion wou dus Nederlands en nie Afrikaans nie, bestendig en in sy poging hiertoe is hy juis die eerste wat 'n lys van tipies Afrikaanse woorde saanstel, m²²⁾et die bedoeling om hulle uit die taal te weer.

Maar aangesien hy nou insien, dat die poging nutteloos is, lê hy die lys as interessante taalmateriaal voor

aan belangstellende Nederlanders. Hy veruys na die voor-
beelde van streekspraak wat deur die Nederlandse tydskrif,
TAALKUNDIG MAGAZYN, gegee word, en wil sy versameling van
Kaapse woorde en uitdrukkings ook as so 'n „proewe" aanbied.
Hy gaan die waarde van sy werk dus steeds minder soek in die
praktiese nut vir die Kapenaars, steeds meer in die weten-
skaplike belang vir Nederlandse taalliefhebbers.

Van die lys sê Changuion dat hy uitdruk-
kinge wat as belaglik beskou kan word, en wat hy net eenmaal
gehoor het, weggelaat het. Verder bepaal hy ons aandag daar-
by, dat die woorde, wat hy in die lys gee, uit die stad self
kom, daar hy maar min buite Kaapstad vertoef het. Tog sou 'n
mens ook graag wou weet hoe die Boere op die platteland gepraat
het. Ons kan verwag dat Changuion ook met hulle woordeskat
sou rekening gehou het, want die sosiale element is tog ook van
belang. As hy die geleentheid daartoe gehad het om die platte-
land te deurreis, en dan in sy gegewens onderskei het tussen die
taal van die stad en dié van die platteland, sou dit baie
interessant gewees het. Van belang is sy mededeling: „Namen
van voortbrengselen, aan het land eigen, hebben we doorgaans
ook weggelaten". Die rede hiervoor is „omdat zy, zonder kennis
aan de bedoelde voorwerpen, van geene beteekenis voor den buiten-
lander zyn, en ook door geen Nederduitsche woorden kunnen ver-
vangen worden".²³⁾ Hoe belangrik hierdie mededeling is vir die
insig in die ontwikkeling van 'n die taal aan die Kaap, besef die
skrywer self blykbaar nie, want hy laat dit daarby. Maar wat
hy hier sê, kom eintlik neer op die erkenning dat daar al 'n
byeenhorende deel van die Kaapse woordeskat is, wat onvorvang-
baar is. Changuion moet hierdie woorde uit sy lys weglaat omdat
hy geen ekwivalente vir hulle het nie! Hierdie soort woorde,

wat van so 'n genardheid is dat hulle saamgevoeg kan word tot 'n groep, is „namen van voortbrengselen, aan het land eigen“. Wat Changuion hier presies met „voortbrengselen“ bedoel, is nie noukeurig te bepaal nie, maar ongetwyfeld sal hy daarmee bedoel het, die groot aantal name van inheemse diere en plante, name van natuur- en klimaatomstandighede, miskien ook van dinge deur die Kaapse mense op hulle eie manier vervaardig, soos kossoorte, geboue, gereedskappe, ensovoorts. Bekyk ons die lys van Afrikaanse woorde wat Franken uit Teenstra se werk gehaal het, dan sien ons dat 'n baie groot gedeelte daarvan bestaan uit die name van wilde diere, voëls, slange, visse, bossies, gras, blomme, bome, graan, groente, vrugte, name van kenmerke van die natuurlike omgewing, soos kloof, krans, poort, klipgrond, ens., name van geboue soos pondok en tronk, van kossoorte soos biltong, atjar, van voorwerpe soos kierie, kros, osrien, ens. ens. ens. Ook Teenstra kon nie die juiste name vir hierdie dinge in Nederlands vind nie, en moes toe die „Afrikaanse“ terme gebruik.

Dit is interessant dat hier op twee verskillende maniere bevestig word dat die natuurlike omgewing die eerste groot bydrae lewer tot die ontstaan van 'n eie Afrikaanse woordeskat. Die een is 'n positiewe bewys: Teenstra moet die „Afrikaanse“ terme gebruik as hy die dinge wil aandui; die ander is 'n negatiewe: Changuion moet die terme weglaat as hy Nederlandse ekwivalente wil verskaf, want dié bestaan nie.

„Soos dr. Changuion dan self ook gevrees het, was sy poging om 'n suiwere Nederlands aan die Kaap te herstel, 'n mislukking. Die ontwikkeling van Afrikaans as spreektaal het al voels te ver gegaan om deur 'n enkele gesaghebende spraakkuns gestuit te word. Afrikaans was die taal van

die volk - Nederlands was die geleerde, „beskaafde“ taal, wat onvermydelik uiteindelik ten gunste van die volkstaal moes padgee²⁴⁾.

In Changuion se lys het ons egter die eerste bewuste versameling van „Kaapse“ woorde vir sover ons weet. Changuion sê: „Dat deze verzameling onvolledig is, bekennen wy gaarne; het (was) ons oogmerk niet een Lexicon Anti-barbarum voor Zuid-Afrika te schryven“,²⁵⁾ en origens was die doel immers, om die woorde juis uit te roei. Die lys kan dus absoluut nie aanspraak maak op die naam woordeboek of selfs woordeboekie nie. Tog is dit, in vergelyking met Teenstra se bydrae, die eerste werklike stap vorentoe in die ontwikkeling van die studie van die Afrikaanse woordeskat. Op die lys self kom ek in 'n latere hoofstuk terug.

Wat was die uitwerking wat hierdie boek gehad het? Dit het blykbaar swemin as Teenstra se VRUCHTEN BYNER WERKZAAMHEDEN, of Swaving se ZONDEALINGE ONTMOETINGEN enige onmiddellike briefwisseling in die koerante, of lang besprekende artikels tot gevolg gehad, soos vandag meermale die geval is kort na die publikasie van 'n boek. Ek het koerante en tydskrifte egter nie self nagegaan nie, maar ondersoek van ander het totnogtoe niks opgelewer nie.

Tog was daar openbare reaksie. Hierdie spraakkuns van Changuion, het naamlik 'n heilige „tirade“ uitgelok van Advokaat Suasso de Lima. Die titel van die brosjure waarin De Lima sy verontwaardiging lug, is: DE TAAL DER KAPENAREN VERDEDIGD TEGEN DE SCHANDELYKE AANRANDING DER-^{25a)} ZELVE.

De Lima was diep verontwaardig. Hy sê

Changuion het van hul taalfoute (as dié daar was) „een lange lys onwaarheden" gemaak. Een van die sinnetjies deur Changuion genoem, is: „Eks als moeg al, ik kannie meer loopenie". 26)
„Om zo iets te zeggen", aldus De Lima, „moet de professor wel innig met Hottentotten in aanraking geweest zyn". 27) Die woord knipmesryden deur Changuion genoem, is, sê De Lima „een spreekwyze door alle Kapenaars geloochenstraft". 28) De Lima sê hulle gebruik wel soms Engelse woorde soos: meeting, safe, pony net soos die Nederlanders soms Franse woorde gebruik; maar dat die Kapenaars van Robbedoe, schindloeder, geëet, banja, stootsteenen en stootklippen praat, daar stem De Lima glad nie mee saam nie, Changuion het blykbaar net nie goed geluister nie, en hy roep die professor toe: „foei! schandel verberg uw wezen!"

„Ja", sê De Lima, „waar heeft men ooit gehoord van slinger-en-den-snoel voor meelspys, gewoonlyk hier snijdsel of vermicelli genoemd?", en verder: „bý gelooven zeker, dat als men iemand hier ongestraft met een slinger zou mogen kastýden, gý (d.i. Prof. Changuion) voorzeker niet vry zoudt komen". Met voorbeelde uit ses verskillende tale probeer De Lima sy menings bewys oor woorde deur Changuion genoem.

De Lima praat van Changuion se „eigendunkelyke eigensinnigheid". Volgens eersgenoemde was prof. Changuion net met onbeskaafde mense in aanraking. As hy, sê De Lima, die titel van sy boek liever gegee het: „Den Kapenaar belagchelyk gemaakt, en zýnen spreektrant op de leest gebragt van den woesten Hottentot", dan sou hy (De Lima) dit beter verstaan het. Die Kaapse Afrikaners verdien nie sulke behandeling nie.

Op hierdie uitbarsting van De Lima het Changuion blykbaar nie geantwoord nie. Alles in aanmerking

geneem, meen ons dat Changuion 'n betroubaarder waarnemer was as De Lima. A.M. Conradie sê wel dat Changuion „nooit lank in die buiteland distrikte vertoef het nie. Dus kan ons aanneem dat hy maar weinig kennis gehad het van die taal wat werklik deur die buitelandse gepraat is”.²⁹⁾ Maar Changuion erken

immers self dat die genoemde woorde in die stad gebruik is. „En ten tweede”, gaan Conradie voort, ... „dat die taal van die Kaapstadse kleurlingbevolking, waarmee hy meer dikwels in aanraking sou gekom het, hom ook tot op sekere hoogte van die spoor afgebring het”.³⁰⁾ Verder sê Conradie: „Sommige van

die voorbeelde wat dr. Changuion gee, is vandag nie meer bekend nie, en dit is ook twyfelagtig of hulle ooit in dié vorm algemeen gebruik was; bowendien is sy etimologie nie altyd juis nie....”.³¹⁾

Hiervan het Von Wielligh reeds eerder gesê: „Sulke foutjies egter sal ons prof. Changuion van harte vergewe, daar sy werk in ander opsigte van soveel belang vir die geskiedenis van die Afrikaanse taal is. Hy het in 1840 begin om tiepies Afrikaanse woorde en uitdrukkinge te versamel, sodat sy lysie feitlik uit die dae van die voortrekkers dateer. Sy PROEVE VAN KAAPSCHE TAALREIGEN is dan ook met reg genoem die eerste bekende en uitvoerige dokument van die Afrikaanse taal”.³²⁾

Gerrit Besselaar sê op bladsy 199 van sy ZUID-AFRIKA IN DE LETTERKUNDE,^{32a)} in verband met die PROEVE van Changuion: „Changuion's geweten als taalman wou (lees: won) het hier van doctrinaire opvattingen, en zyn glossarium heeft hoge waarde voor de studie der evolutie van het Nederlands in Zuid-Afrika”.³³⁾

Sewentig jaar na die verskyning daarvan, het die „tirade” van De Lima ondersteuning gekry van C.J. van Ryn in sy artikel DE TAAL VAN KAAPSTAD IN 1844.³⁴⁾

Van Ryn sê dat daar destyds, dit wil sê om en by 1914, nog ou burgers was wat suiwer Nederlands gepraat het, terwyl Prof. dr. Hesseling meen dat hier aan die Kaap, veral as gevolg van vreemde invloede van buite-af, nooit suiwer Nederlands gepraat is nie. Van Ryn sê dat in Changuion se lys van KAAPSE TAALIGEEN heelwat verskyn wat vandag in Afrikaans te vind is, maar so is nie destyds gepraat nie. Hier vra die leser hom onwillekeurig af, waar Changuion dan aan die Afrikaanse woorde sou gekom het, as hulle nie toe al in gebruik was nie? Van Ryn steun saam met De Lima waar hy sê: „Men sprak nog zuiver Nederlands. En dus was de sterkste afkeuring verdiend”.³⁵⁾ Ook sê Van Ryn: „Allen hy, die het fyne, preciese burgerleven van die dagen kent, of van tans - wat het Engels betref - kan De Lima's gramschap begrypen en rechtvaardigen”.

Van De Lima se „tirade” sê A.H. Conradie in sy studie oor Changuion dit: „ 'n Galagtige brochure ... Die heer de Lima ag homself en sy mede-Kapenare erg beledig deur dr. Changuion se PROEVE wat hy as suiwer Hottentottaal bestempel. Sommige van die professor se aangehaalde uitdrukkinge klink wel vandag vir ons 'n bietjie Hottentotagtig, maar die grootste gros daarvan is nou nog in alledaagse gebruik. De Lima se kinderagtige venynigheid en geheel onnodige onbeleefdheid laat dit vir my (Conradie) altans, uiteraars twyfelagtig voorkom, of so 'n man enige fynheidsgevoel wat kon beledig word, kon besit het ... Hys insiens, is de Lima se beweegrede met die skrywe van sy brochure meer persoonlike vyandigheid of eiebelang gewees as werklike liefde vir sy taal. - Volgens dr. F.C.L. Bosman was de Lima se beweegredes die volgende:

(1) Om weer 'n bietjie guns te verwerf onder die Kaapse publiek.

(2) 'n Bietjie gold te maak met sy pamflet.

(3) Wetenskaplike meningsverskil en miskien
naywer. - Die pamflet maak op my gehelenal nie 'n oortuigende
indruk nie".

Dr. S.P. Engelbrecht sê van De Lima
die volgende: " de Lima, 'n regsgeleerde in Kaapstad wat
om sy koddige voorkoms en vreemde lewenswyse bekend was, en
van wie soos van 'n ander Ismael gesê kon word dat sy hand teen
algar was, en algar se hand teen hom, ... (iemand) wat waar-
skynlik bitter min met die egte Afrikaanse spreekwyse bekend
was, ..."
36)

Sees jaar later word daar in DE ZUID-
AFRIKAAN, deur Changuion 'n brief gepubliseer wat hy van 'n
sekere Van der Tuuk, van Silboga op die Weskus van Sumatra,
ontvang het. 37) Van der Tuuk wys daarin op die moontlikheid van
Maleise oorsprong en karakter van heelparty woorde deur Chan-
guion in sy woordelys genoem, byvoorbeeld amper, Maleisch
hampier of ampier wat byma beteken, ensovoorts. 38) Die vol-
gende haal ek aan uit 'n voetnoot van 'n artikel deur Prof.
J. du P. Scholtz: Van der Tuuk het van verskeie Afrikaanse
woorde die oosterse herkoms herken of gemeen te herken o.a. van
aja, atjar, baar, bangk (wat Changuion wou aflei van Eng. waist-
coat), baadjie, baie, baklei, koerang, krabbetjies, laksman,
lemoen, maskie, nô (wat hy, soos ook prof. Smith, aflei van
Mal. nionja), oorlam, piering, pambok, seroet, sies (afgelei van
Mal. tjis, soos ook later deur P.J. du Toit), tate en tjap.
In die verbinding, maak die kers dood, is doodmank volgens Van
39)
(der) Tuuk „Maleisch gedacht".

By hierdie aangehaalde brief, verskyn in
dieselfde koerant, die volgende woorde van Changuion:
„het speet my toen dat er menschen waren die myne bedoelingen

(3) Wetenskaplike meningsverskil en miskien

maywer. - Die pamflet maak op my geholenaal nie 'n oortuigende indruk nie".

Dr. S.P. Engelbrecht se van De Lima

die volgende: „ de Lima, 'n regsgeleerde in Kaapstad wat om sy koddige voorkoms en vreseende lewenswyse bekend was, en van wie soos van 'n ander Iezael gesê kon word dat sy hand teen algar was, en algar se hand teen hom, ... (iezand) wat waarskynlik bitter min met die egte Afrikaanse spreekwyse bekend was, ..."³⁶⁾

See jaar later word daar in DE ZUID-

AFRIKAAN, deur Changuion 'n brief gepubliseer wat hy van 'n sekere Van der Tuuk, van Silboga op die Weskus van Sumatra, ontvang het.³⁷⁾ Van der Tuuk wys daarin op die moontlikheid van Maleise oorsprong en karakter van heelparty woorde deur Changuion in sy woordelys genoem, byvoorbeeld amboer, Maleisch haspeler of ambler wat buna beteken, ensovoorts.³⁸⁾ Die volgende haal ek aan uit 'n voetnoot van 'n artikel deur Prof. J. du P. Scholtz: Van der Tuuk het van verskeie Afrikaanse woorde die oosterse herkoms herken of gemaak te herken o.a. van nia, atjar, baar, bakkat (wat Changuion wou aflei van Eng. waist-coat), baadiie, baie, baklei, koerang, krabbetlies, laksman, lemoen, maskie, nôl (wat hy, soos ook prof. Smith, aflei van Hal. nionia), oorlan, piering, ambok, seroet, nies (afgelei van Hal. tjis, soos ook later deur P.J. du Toit), tata en tjan. In die verbinding, maak die kêrs dood, is doodmaak volgens Van (der) Tuuk „Maleisch gedacht”.³⁹⁾

By hierdie aangehaalde brief, verskyn in dieselfde koerant, die volgende woorde van Changuion: „het opeet my toen dat er menschen waren die myne bedoelingen

niskenden en my voor iemand uitkreten die uit boosaardigen spotlust de bevolking eener kolonie, van wier inwoners hy veel goeds genoten had, wegens wanspraak aan de kaak stelde". Hy sê in Holland het sy spraakkuns veel meer opgang gemaak as hier aan die Kaap.

Dat Changuion se grammatika goed bekend geraak het in die Kaapse onderwyswêreld, blyk uit die herhaalde verwysings daarna wat in later jare nog steeds voorkom in 'n koerant soos die Z.A.T. Dit het blykbaar ook as grondslag gedien vir verdere werksaamheid in dié rigting.

Ten eerste vind ons in twee 1878-nommers van die Z.A.T. vermelding van 'n woordelys in besit van die redaksie. In antwoord op 'n skrywe van Mansvelt insake die woord Dwaerstrekken, waar hy vra: „Bestaan er niet meer dergelyke uitdrukkingen, die op Kaapschen grond zyn gegroeid; en zou het niet belangryk zyn, deze in volgende nummers van dit Tydschrift op te geven?"⁴⁰⁾ antwoord die redaksie dat hulle wel „eene lyst van over de zes honderd Kaapsche woorden en uitdrukkingen in besit het en dat die moontlikheid van publikasie ook bestaan.⁴¹⁾ In die volgende uitgawe van HET ZUID-AFRIKAANSCH TYSCHRIFT, sê C.P.H. (vermoedelik C.P. Hoogenhout) onder die opskrif DE KAAPSCHE WOORDENLYST: „De lyst is nog steeds in de maak, d.i., moet nog met de afleiding der woorden enz., aangevuld worden".⁴²⁾ Hulp word gevra van belangstellendes. Die redaksie was dus van plan om die lys te publiseer, maar verdere gegewens, soos wie die opsteller(s) was, is nie bekend nie. Dit wys daarop dat die belangstelling werklik aan die groei was. Die opstellers van dié lys het waarskynlik Changuion se PROEVE geraadpleeg. Heel goue was daar sprake van 'n beskrywende lys van woorde, wat werklik hier in die Kaapse spreektaal

gebruik is en dit nie met die doel om hulle te weer nie.

Heelmoontlik is hierdie lys later uitgebrei tot die PATRIOT-
WOORDEBOEK van 1902.

Ten tweede verwys „P“ (vermoedelik Pannevis)
na Changuion se lys „van Afrikanismen“.⁴³⁾ Ook Prof. H. Mansvelt
praat van „De eerste illusie van Changuion: " 't Hollandsch in
Zuid-Afrika hersteld"", in sy toespraak oor HET AFRIKAANSCH,
gehou by 'n sluitingsfunksie van die Gymnasium te Stellenbosch.

Changuion se boek is in Suid-Afrika uitgegee,
is hier versprei en gebruik en het nooit onbekend geraak nie.
Dit het werklik in 'n behoefte voorsien.

Vir die GEHOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS
was dit ongetwyfeld 'n leidraad. S.J. du Toit het hoogswaar-
skynlik sy leuse „skryf soos jy praat“ van Changuion gekry.⁴⁴⁾

Die werk van Changuion lok dus veel meer
belangstelling uit as of Teenstra of Swaving s'n, en die invloed
wat dit het, is soveel groter dat daar nouliks van 'n vergelyking
oprake kan wees. Die aard daarvan is dan ook heeltemal anders
as dié van of Teenstra of Swaving. Dis 'n vakkundige en siste-
matiese taalstudie deur 'n man hier aan die Kaap werksaam. Die
boek word hier gedruk en verkoop. Dis bedoel vir die Kapenaars.

In die SLOTWOORD van A.M. Conradie se proef-
skrif kom die volgende aanhaling voor uit 'n „afkeidsgroet“ aan
Changuion deur die Kapenaars. Dit het verskyn in DE ONDER-
ZOEKER van April 1865: „De beste wenschen van vele dankbare
leerlingen en vaderlandslievende mannen die Dr. Changuion's 33
jarigen arbeid voor het welzyn van staat en kerk in het land zynor
inwoning op hoogen prys stellen, vergezellen hem op zyne reis ...“⁴⁵⁾

HOOFSTUK II - BRONNE.

- 1) Afrikaanse Geskrifte in ou Kaapse Koerante en Tydskrifte.
T.G.R. 13de Jaargang, 134/35, bls. 322, voetnoot 2).
- 2) Mededeling en Opinions oor Afrikaans in die Neëntiende
Eeu. Die Huisgenoot 1 Julie 1927, bls. 41.
- 3) Groningen 1930. As uitgawe van die Van Riebeeck-
Vereniging. Herdruk Kaapstad 1943.
- 4) In sy 6de brief in Deel I van De Vruchten(Fotostat
(van bls. 360 - 366))
- 5) Mededeling.
- 6) Teenstra, M.D.: In G.S. Nienaber se Afrikaans tot 1860.
bls. 5.
- 7) Nienaber, G.S.: Afrikaans tot 1860. Johannesburg 1942.
Inleiding, bls. XI.
- 8) Nienaber t.a.p., bls. XII.
- 9) T.a.p., bls. XXIV - XXVI.
- 10) T.a.p., bls. XXX.
- 10a) Franken, J.L.H.: Mededeling en Opinions oor Afrikaans
in die Neëntiende eeu. Die Huisgenoot 1 Julie 1927.
- 11) Swaving, J.G.: Zonderlinge Ontmoetings en Wonderbaarlyke
Lotsverwisselingen na zyne vlyt (lees: vlugt) uit Delft be-
nevens sketsen van London (lees: Londen) en dezelfs (lees:
deszelfs) bewoners; Van de Kaap De Goede Hoop en hare Omstre-
ken, enz; enz; of laatste vervolgdeel op zyne tienjarige
militaire loopbaan, Dordrecht 1830.

- 12) Mededeling. Die Huisgenoot 1 Julie 1927, bls. 41.
- 13) Die Volksblad 17 September 1918. (deel 14, no. 1154)
bls. 6. (Ongetwyfeld geneem uit Swaving se Zonderlinge
Ontmoetings ... 1830)
- 14) Soos aangehaal in Die Volksblad - artikel van 17 Septem-
ber 1918 - Ongetwyfeld geneem uit Swaving se Zonderlinge
Ontmoetings.
- 15) Conradie, E.J.: Dr. A.N.E. Changuion: Ontwerp vir 'n
Nederlandse Woordeboek. T.W.K. Jaargang 11, 1932. Inleiding.
- 16) Prof. Scholtz was so vriendelik om die resultate van sy
ondersoek vir my beskikbaar te stel.
- 17) Z.A.T. XIX, bls. 369 - 383. 1842. Volgens die uittreksels
uit Z.A.T., deur Prof. Dr. J. du P. Scholtz versamel.
- 18) T.a.p., bls. 380.
- 19) Conradie, A.M.: Dr. A.N.E. Changuion: 'n studie. M.A.-
Verhandeling. Kaapstad 1931. bls. 84.
- 20) Engelbrecht, S.P.: Dr. A.N.E. Changuion - 'n Eensame
Taalstryer. Die Huisgenoot, 12 Februarie 1932, bls. 27.
- 21) Bls. iv van die Voorrede.
- 22) Bls. iii van die Inleidende Aanmerkingen tot die Proeve
van Kaapsch Taaleigen.
- 23) Bls. v - vi van die Inleidende Aanmerkingen tot die Proeve.
- 24) Conradie, A.M.: t.a.p. bls. 87.
- 25) Bls. iv van die inleidende Aanmerkingen tot die Proeve.

- 25a) Kaapstad 1844.
- 26) De Nederd. Taal bls. 128.
- 27) T.a.p., bls. 6.
- 28) T.a.p., bls. 8.
- 29) T.a.p., bls. 83.
- 30) T.a.p., bls. 83.
- 31) T.a.p., bls. 84.
- 32) Conradie, t.a.p. bls. 85. Aangehaal uit Von Wielligh, G.R. Ons Geselstaal; 'n oorsig van gewestelike spraak soos Afrikaans gepraat word. Pretoria 1925. bls. 287.
- 32a) Amsterdam, 1914.
- 33) Aangehaal by Conradie, t.a.p., bls. 88.
- 34) Voordracht voor de C.J.V., Van Heerdenzaal, Kaapstad, 29 Augustus 1914. Gepubliseer in Die Unie, November 1914. (deel 10, no. 5), bls. 120 - 123.
- 35) Van Ryn, t.a.p., bls. 122.
- 36) Engelbrecht, t.a.p. - sien voetnoot 20)
- 37) 15 Desember 1851.
- 38) Wanneer ek die twintig woorde, wat volgens Van der Tuuk Maleis van aard is in die Etimologiese Woordeboek van S.P.E. Boshoff nagaan, vind ek dat laasgenoemde blykbaar nie bekend was met Van der Tuuk se brief in De Zuid-Afrikaan nie, want by twaalf van hierdie woorde gee hy Mansvelt as bron aan. Agtien van die twintig kom in Mansvelt se

Idioticon voor, en vir sewe van dié agtien gee hy presies dieselfde verklaring as Van der Tuuk, dit wil sê, dat hulle Maleis van aard is. Die res sê Mansvelt is uit Portugees, uit Indies, ens. Mansvelt het hier dieselfde afleiding hoogswaarskynlik van Van der Tuuk oorgeneem, daar laasgenoemde blykbaar die eerste was om te wys op die Maleise oorsprong van die woorde.

- 39) Scholtz, J. du P.: Afrikaanse Geskrifte in ou Kaapse Koerante en Tydskrifte. T.W.K. 1934/35, bls. 325 - 326, voetnoot 4).
 - 40) Het Z.A.T., Nieuwe Reeks I. 1878. bls. 391.
 - 41) Z.A.T. 1878. bls. 391. Die redakteur was J.H. Hofmeyr, Jr.
 - 42) Z.A.T., N.R. II. 1878. bls. 486.
 - 43) Z.A.T. Julie 1879, bls. 390; September 1879, bls. 531.
 - 44) Changuion gee byvoorbeeld op bladsy 157 van sy spraakkuns onder die opskrif, „Algemeene Regels over de Spelling”, as eerste reël: „Schryf gelyk gÿ spreekt”.
 - 45) A.M. Conradie in sy studie oor dr. Changuion: Slotwoord - bladsy 117.
-

HOOFSTUK III.

VAN CHANGUION TOT EN MET HANSVELT,

(1844 - 1884).

Vanaf ongeveer 1844 tot 1884 en daarna, groei die belangstelling vir taalsake, baie duidelik by die publiek, soos blyk uit artikels in verskillende tydskrifte.

Die belangstelling was veel groter as in die tyd wat verloop het tussen Teenstra se verskyning op die gebied van bewuste taalondersoek en dié van Changuion. Dit het ook 'n meer spesifieke vorm aangeneem. Hiermee bedoel ons dat dit insonderheid die enkele, die alleenstaande woord is, wat die belangstelling van die lesers die meeste prikkel. Van verskeie kante het kort briefies in koerante verskyn, briefies van mense wat inligting wou hê oor een of ander woord of woorde. Op eenvoudige wyse is dan in die meeste gevalle deur die redakteurs van die verskillende koerante, en soms ook deur sommige van die korrespondente self, getrag om in die lesers se behoeftes te voorsien. Voorbeelde hiervan tref ons veral aan in HET ZUID-AFRIKAANSCH TYSCHRIFT, (Z.A.T.) die vernaamste Nederlandse blad wat destyds aan die Kaap verskyn het as leesstof vir die Afrikaanssprekende bevolking. Die doel van hierdie blad, soos later aangedui, was „ter bevordering der beoefening van het Nederduitsch“¹⁾ hier aan die suidpunt van Afrika, verder om die leeslus van die Hollandslesende Kaapse bevolking aan te moedig en om die bevolking van leesstof te voorsien.

Op 14 Augustus 1875 is DIE GENOOTSAP VAN REGTE AFRIKANERS in die Paarl gestig onder die besielende aanvoering veral van Ds. S.J. du Toit. Onder die oprigters was C.P. Hoogenhout en D.F. du Toit (Oom Lokomotief). Arnoldus Pannevis het ook 'n tydlank aan die GENOOTSAP behoort.

Die doel en strewe van die genootskapslede was „om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land“.²⁾ Hulle

het op die stigtingsvergadering onder andere besluit om 'n
woordeboek uit te gee, maar die nodige ondersteuning het lank
uitgebly. Hierop sal ek later weer terugkom.

Intussen het hul werksaamhede die
belangstelling vir die Afrikaanse woord baie sterk bevorder,
veral deur middel van die koerant wat hulle uitgegee het. Op
15 Januarie 1876 begin naamlik die Genootskap se maandblad,
DIE PATRIOT verskyn, wat volgens E.C. Pienaar "tal van Boere-
mense op die platteland aan die lees en aan die skryf gesit het." ³⁾
S.J. du Toit sê later: "Van alle kante en hoeke van Suid-Afrika
draag skrywers in die Patriot woorde aan om onse voorraad hoe
langer hoe groter te maak; so word ons taal al ryker en ons woordeskat
al groter". ⁴⁾

Dit word steeds duideliker dat die
ontwikkeling van 'n eie pers die belangstelling vir die taal
stimuleer. Die twee is nou met mekaar verbonde.

Een van die eerstes wat deur middel van
die pers sy belangstelling vir die Afrikaanse woordeskat onder
die lesende publiek se aandag gebring het, was H.M. (Prof. N.
Kansvelt, hoogleraar in moderne tale aan die Kollege te Stellen-
bosch). By hom en sy werk sal ek my later meer in die besonder
bepaal, daar sy publikasie oor die Afrikaanse woordeskat, ⁵⁾
net soos die van Changuion, een van die hoogtepunte was in die
ontwikkeling van die studie van hierdie onderwerp. Hy het reeds
in 1878 - dit is ses jaar voor die verskyning van sy IDIOTICON -
in die Z.A.T. begin verneem na die afleiding van sekere woorde,
byvoorbeeld nartje, krinken, dwarsstrekken en deseemde. ⁶⁾ Hy vra
byvoorbeeld na aanleiding van laasgenoemde woord: „Is het Kaapsch
woord "deseemde", dat, naar men my verzekerd heeft, niet zelden

gebruikt word, werkelyk niets anders dan het Engelsch "the same", eenvoudig verkaapscht, of heeft het eene andere geschiedenis; en zou het mogelyk zyn, uit te vinden, wanneer dit woord het eerst is gebezigt geworden?"⁷⁾ Ook vra Hansvelt, soos ons reeds teen die end van Hoofstuk II gesien het, of daar nie nog meer sulke woorde op Kaapse bodem ontstaan en gegroei het nie, en of hulle nie in volgende uitgawes van die Z.A.T. kan geplaas word nie. Hierop word geantwoord: „Op het oogenblik herinnert de Redaktie zich geene Kaapsche woorden, die aan de zeemanstaal ontleend zyn, buiten "kombuis", "balie", "baatje" en "jekkert" (of liever "jekker") welke wel allen in volledige Nederduitsche Woordenboeken voorkomen, maar desniettemin echte zeemanstermen zyn. Wy hebben in ons bezit eene lyst van over de zes honderd Kaapsche woorden en uitdrukkingen, sommige daarvan verbasteringen van het Hollandsch, andere komende van het Fransch, Portugeesch, Hottentotsch, Maleisch en Duitsch, of ook zuiver Afrikaansch in oorsprong. Het is gebeurlyk dat wy die lyst, zooveel mogelyk met afleidingen verrykt, over eenigen tyd publiceren".⁸⁾ In verband met die opstel van bogenoemde lys, DE KAAPSCHE WOORDENLYST, vra C.P.H. (ongetwyfeld die voorletters van C.P. Hoogenhout van die Genootskap) dan enige tyd daarna na die bydraes van die belangstellende publiek: „Het zal ons intusschen aangenaam zyn, nieuwe of niet algemeen in gebruik zynde woorden van onze vrienden te ontvangen, met de betekenis en - zoo veel mogelyk - ook de afleiding".⁹⁾ Wat was die reaksie hierop? Is die lys ooit gepubliseer? Waarskynlik was dit aanvoerwerk vir die latere PATRIOT-woordeboek, 1902.

Intussen gaan C.P.H. self voort met sy stukkies in die koerant. Hy vra telkens om inligting oor bepaalde woorde, of hy probeer hulle self verklaar. So word

byvoorbeeld meebosch, boetson, achterpraat en andoeljie
10)
bespreek.

In die Z.A.T. van April 1879 het 'n brief
verskyn, onderteken deur "P" (vermoedelik Pannevis) waarin hy
sy verklaring vir die naam "Kolbroek (of Sneesvarken)" gee. 11)
Hy lei dit af van "Colebrook", die naam van 'n hooft-kommissaris
uit Engeland, wat vermoedelik die eerste was om dié soort vark
in die Kaapkolonie in te voer. Ter ere van Colebrook sou die
varke toe hul naam gekry het. Met die korrespondensie oor
12)
hierdie woord word voortgegaan in die Julie-uitgawe, waar
F.R. dit weer in verband bring met 'n skip "Colebrook" wat onge-
veer veertig, vyftig jaar vantevore by Kaap Agulhas gestrand het
en van genoemde soort varke aan boord sou gehad het. Korrespon-
densie van hierdie aard toon ons duidelik dat die belangstelling
werklik daar was.

In dieselfde Julie-nummer van die Z.A.T.
sowel as in latere uitgawes van die blad gee "P" inligting
oor woorde waaroor reeds vantevore in die tydskrif geskryf is,
naamlik achterpraat, flus en flusies. Hy gee ook 'n lys van
KOLONIALE WOORDEN EN UITDRUKKINGEN vergesel van verklarings. 13)
Voorbeelde is korrelhon, lawe, kluitie, kochelmannetjie, schuld
(ww.), tafelgenees, smaansch spek, skopiemai, makou, baljaar,
dolossie, half naatjie.

In die September-uitgawe van dieselfde jaar
14)
plaas hy 'n artikel oor AFRIKANISMEN. Hy sê, dat as ons onder
"Afrikanismen", woorde en uitdrukkings bedoel wat net in Suid-
Afrika gehoor word, dan is baie van dié wat dikwels as sulks beskou
word, dit in werklikheid nie. "P" noem dan ter staving van
bogenoemde opvatting van hom, 'n hele lys van woorde en uitdrukkings

uit Changuion se PROEVE VAN RAAPSCH TAALEIGEN, wat hy (P.) ook in Holland en selfs in die Provinsie van Suid-Holland gehoor het, onder andere aspres, baatie, bakkeleien, knyp tang, voer spek en boonen en veels geluk. As iemand wat die verskillende Nederlandse dialekte goed ken, Changuion se lys van AFRIKANISTEN sou begin kritiseer en sif, sal daar nie veel oorbly wat werklik as „Kaapsch Taaleigen“ beskou kan word nie, aldus „P“. Maar, sê hy, as ons onder „Afrikanisme“ verstaan „een woord of zeggwyze, welke in Zuid-Afrika in algemeen gebruik is, doch elders of geheel onbekend is of slechts als provincialisme voorkomt“, dan „.... zou Dr. Changuion's lystje, slechts zeer weinig behoeven te verliezen en aan den anderen kant des te gemakkelijker tot een boekdeel van redelyken omvang kunnen uitgebreid worden. Want het zou met eenige vlyt niet moeilijk vallen, eenige duizenden woorden en spreekmanieren te verzamelen, in welke het Kaapsch Hollandsch van het gewone Europesche Hollandsch verschilt. En onbelangryk zou dit werk ook niet zyn, want de taal- en volkenkunde zouden er zeker by winnen. Men mag zich in onze eeuw van wetenschappelyke ontwikkeling byna wel verwonderen, dat dit werk niet alreede is geschied“. (P.)

Party van hierdie mense, wie se belangstelling ons uit HET Z.A.T. leer ken het, was soon ons reeds gesien het, ook lede van die GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS, wat hul tydens die Eerste Afrikaanse Taalbeweging so beywer het vir ons Afrikaanse Taal. Ons sien dus hoe die bewaste belangstelling steeds gegroei het, sodat dit nou van groepe uitgegaan het en nie net van enkelinge nie.

Uit die Z.A.T. van September 1880 blyk verdere belangstelling van „P“, onder die titel: TAALEIGEN.

HEDEN VAN EEN PAS AANGEKOMEN HOLLANDER, (geskryf in Mei 1880). Hy wys daarin op die groot nut wat „een handboek dat het taalverschil tusschen Kaapsch en Europeesch Hollandsch stelselmatig en eenigzins volledig behandelde“, sou hê. ¹⁵⁾ In die volgende uitgawe van hierdie tydskrif wys „P“ op die verskillende gebruike van die woordjie ou in Afrikaans, as 'n BEDRAGE (lees: Bydrage) TOT EEN WOORDENBOEK VAN KAAPSCH TAALLEIGEN. ¹⁶⁾

Ook uit ander blaaie blyk die belangstelling vir die Afrikaanse taal en woordeskat, in briefies en artikels. Alreeds in 1872 in die Julie-uitgawe van THE CAPE MONTHLY MAGAZINE, het 'n artikel, ENGLISH AND CAPE-DUTCH, verskyn, onderteken deur D.U.M. waarin gewys word op woorde wat Kaaps-Hollands uit Engels, Maleis (bv. ayah), Italiaans (bv. basta!), Frans (bv. canalie), Hottentots (bv. dagga), ensovoorts, oorgeneem het. Ook word melding gemaak van die betekeniswysiging wat sekere Hollandse woorde hier aan die Kaap ondergaan het, soos byvoorbeeld in die gevalle van aardig, schoon, wys en slim. ¹⁷⁾

Ons dink egter veral aan Wessels se drie artikels oor Cape Dutch in The CM. ¹⁸⁾ Marthinus Laurentius Wessels is op 21 April 1853 te Kaapstad gebore en oorlede op 13 April 1913, in Seepunt. Hy was 'n prokureur en het later burgemeester van Seepunt geword. Hy het 'n betreklik uitvoerige studie van Kaaps-Hollands gemaak. Inligting oor dié werk van Wessels ontleen ek aan die M.A.-skripsie van Cornelius van der Westhuizen Kotze, M.L. WESSELS SE BYDRAE TOT DIE STUDIE VAN KAAPS-HOLLANDS IN 1880. ¹⁹⁾ Kotze se op bladsy 70 van sy skripsie: „Die plek van Wessels in die geskiedenis van die Afrikaanse taalstudie sou ons kan aandui as die skakel tussen Changuion en Mansvelt“.

In sy eerste artikel ontleed Wessels

Hoofregter F.W. Reitz se artikel THE BARBAROUS PATIOS,²⁰⁾
en kritiseer hy sekere uitlatings.

In die tweede artikel, lees ons dat
Kaaps-Hollands, „whether barbarous or not, is nothing more
than a Dutch dialect - than a veritable „patois“, whose origin
must be sought in the Dutch writers of the seventeenth century,
and the back slums of Amsterdam two hundred years ago!”²¹⁾
Dit probeer Wessels dan bewys. Vervolgens beskryf hy die aard
van Kaaps-Hollands en die faktore wat aanleiding gegee het tot
„sy verandering in die volksmond”.

In sy derde artikel behandel Wessels die
hoofverskille tussen Kaaps- en „Hoog“-Hollands.

Een van die hoofstukke van sy skripsie het
Kotze gewy aan WESSELS SE PLEK IN DIE GESKIEDENIS VAN
DIE AFRIKAANSE TAALSTUDIE. In hierdie hoofstuk sê hy dat
Wessels die studie van Afrikaans „daadwerklik bevorder” het.
Al sy stellings het Wessels probeer motiveer. Kotze sê: „Die
belangrike punt hier is dat Wessels probeer het om nugter en saak-
lik te wees, om uit te gaan van wat is, en nie van wat nog moet
word nie”.²²⁾ Tog het Wessels sy versamelde materiaal nie
wetenskaplik behandel nie, aldus Kotze: „Die taalkundige het in
hom gesluimer; hy het net nie die nodige opleiding gehad om
van hom ’n wetenskaplike te maak nie”.²³⁾ In hierdie verband
wys ons op Kotze se nuwe rangskikking van die materiaal in
Wessels se derde artikel. Daarvan is Afdeling A. veral vir
ons van belang.

Kotze gee ’n lysie van woorde (met hul
betekenisse) wat Mansvelt uit die drie artikels van Wessels
oorgeneem het, naamlik bobotie, ayah, amper, hajan, bakkeleyen,

meebos, baliaren, tammaio, filletjie en nox, en vervolg:

„Wessels het vermoedelik uit Changuion se **PROEVE VAN KAAPSCH TAALEIGEN** geput. Dit kan egter alleen gesê word van die Engelse leenwoorde in Kaaps-Hollands. Sommige van die genoemde woorde wat Hansvelt in sy woordelys oorgeneem het uit Wessels se artikels, kom ook wel voor by Changuion, maar in geen enkel geval het Changuion die oorsprong van die woorde probeer vasstel nie. Hierdie verklarings (want Wessels het die betekenis van die woorde ook verstrek) is dus almal aan Wessels se eie
24)
ondersoek te danke”.

Die navorsing wat Wessels gedoen het, toon aan dat daar maar min - slegs plus-minus honderd - leenwoorde in
25)
Kaaps-Hollands voorkom, en Wessels sou dan ook volgens Kotze, die Maleis-Portugese teorie van Hesseling, as hy daarmee bekend was, nie aanvaar het nie.

Die opspoor van vreemde woorde en die soek na hulle herkoms word teen hierdie tyd die gewildste vorm van taalondersoek aan die Kaap.

In die byvoegsel tot **HET VOLKSELAD** (Kaapstad) van Julie 1882 verskyn 'n lys deur H.C.V. Leibbrandt, van plus-minus 150 „woorden, allen aan de Kaap bekend, waarvan sommige in 't Kaapsch dialect het burgerrecht hebben verkregen”. Of daar toentertyd enige reaksie was op die lys, en indien wel, van watter aard dit was, is my nie bekend nie. Veel later het D.C. Hesseling weer die volle aandag daarop gevestig, deur dit
26)
op te neem in sy **HET AFRIKAANSCH**.

Hy het 'n Afrikaanse taalstudent, J.J. le Roux, die latere hoogleraar, gevra om Leibbrandt se lys deur te gaan, en Le Roux „stelde vast dat vele van die woorden, in 1882 „alle

dagen in de stad en omstreken gehoord" (H.C.V. Leibbrandt)
hem geheel onbekend waren, dat andere de termen die op de
gondsdienst der Slameiers betrekking hebben, alleen by dezen
in gebruik zyn en door hem voor een groot gedeelte nooit waren
vernomen".²⁷⁾ Hesseling self kom dan tot die gevolgtrekking
dat „vele zyn beperkt gebleven tot een bepaalde groep gekleurde
inwoners en niet opgenomen in de algemene taal".²⁸⁾

Hesseling gee die lys van Leibbrandt met
die volgende toeligting: „Enige herhalingen en vergissingen
sla ik over..”²⁹⁾ en: „De verklaringen en vertalingen van
Leibbrandt geef ik of niet of met een enkel woord weer. 't
Is my hier alleen te doen om de opsomming. Ook de vorm der
woorden laat ik vry wel gelyk Leibbrandt die schreef; alleen
verander ik u in oe enz.”³⁰⁾ Die lys van Leibbrandt is volgens
Hesseling, „trouwens met ³¹⁾winig zorg ... opgesteld”.
Wat Hesseling self aan hierdie lys toevoeg is die onderskeiding, met
die letters A., P. en M., tussen die woorde van respektiewelik
Arabiese, Portugese en Maleise herkoms. Van die plus-minus
150 woorde in Leibbrandt se lys, gee Hesseling 117. Hiervan
het Changuion in 1844 al 'n stuk of 17 opgenoem, en Wessels in
1880, plus-minus 16.

Wat is die positiewe waarde van Leibbrandt
se bydrae? My het een bepaalde deel van die woordeskat onder-
soek, want sy uitgangspunt was: herkoms uit die Ooste, terwyl
Changuion s'n was: afwyking van Nederlands. Die Afrikaanse
woordeskat word dus van verskillende kante benader.

Twee jaar na Leibbrandt se versameling,
dit is in 1884, word Mar^Svelt se IDIOTICON uitgegee, wat tot
dan toe, die omvangrykste versameling van „Kaapse” woorde was.

Ons het alreeds van Mansvelt verneem deur sy korrespondensie in die Z.A.T., al van 1878 af. In die nommer van Augustus 1880 van bogenoemde tydskrif, het 'n stuk, getitel HET AFRIKAANSECH, verskyn.³²⁾ Dis die reeds gemelde toespraak deur Prof. N. Mansvelt te Stellenbosch gehou by 'n sluitingsfunksie van die Gymnasium aldaar, net 'n paar dae na die verskyning van Kessels se artikels in THE CAPE MONTHLY MAGAZINE.

In hierdie redevoering praat Mansvelt van die plant- en diername wat hier aan die Kaap ontstaan het. Hy sê dat hulle „dikwyls wel van scherpsinnige opmerking en praktischen zin getuigen, doch daarby veelal ook schrikkelÿk prozisch zÿn," soos verkleum, peper-en-sout en skilpadjie. Hy sê, Afrikaans „is een verwaarloosd, veronachtzaamd kind, dat wel de ondeugden en gebreken zÿner moeder heeft overgeërfd, doch weinige van hare deugden en goede hoedanigheden en gevolgelyk heeft het ook niet dien rykdom van woorden en uitdrukkingen, die een beschaafd mensch noodig heeft, om zÿne begrippen en denkbeelden met gemak en bevalligheid aan anderen mede te deelen. Wy begrypen niet, hoe voor eenige weken de Hoofdrechter Reitz beweren kon, dat het Kaapsch-Hollandsch ryker is in woorden dan het eigenlyke Hollandsch. Dat deze verklaring niet door de werkelykheid bewezen wordt, heeft de W. Eerw. Heer Wirgman duidelyk genoeg aangetoond". In hierdie opsig stem Prof. Mansvelt dus saam met Eerw. A.T. Wirgman, en teen Hoofregter F.W. Reitz. Mansvelt sê „Kaapsch" is baie arm aan uitdrukkings en woorde, en wys daarop dat die eerste koloniste - altans die oorgrote meerderheid van hulle - nie te ver ontwikkel was nie, dat die opvoeding van destyds maar betreklik swak was, dat hulle byna afgesny was van die beskawing, en daarby veel met vreemde-linge en selfs barbare (Hottentotte) in aanraking gekom het.

Hy sê verder in die redevoering dat alle woorde en uitdrukkinge „wat 'n uitsluitend lokale, d.i. Hollandse, betekenis gehad het“, verlore gegaan het. Enigsins is hiervoor vergoed deur nuwe of aangepaste naaminge aan wat eie is aan die Kaap, soos rugie, krans, spruit en vlei. Dikwels het 'n mate van geestigheid uit die name gespreek. Vergelyk onder andere fiskaal, Jan Frederik, Jantjietrapsnutties, moederkappie en vuurhoutjie. Dan wys hy weer op woorde waarvan die oorspronklike vorm in vreemde tale terug te vinde is, byvoorbeeld bania, baing wat hy teruglei tot Frans bien, zeer of veel; een andag (huisgodsdiens) houden uit Duits; ensovoorts, ensovoorts. Volgens Mansvelt was die Kaaps-Hollands van destyds (om en by 1880) „te arm aan woorden, uitdrukkinge en vorme ..., om op een hooger dan alledaagsch terrein als werktuig der gedachten te kunnen dienen. Zoo is het nu, maar daarmee is nog niet een oordeel over de Toekomst uitgesproken ... Het is een opmerkelyk verschynsel, dat de taal, hoezeer byna van alle buigingsvormen ontdaan, toch noch niet van alle vormkracht ontbloot is“ Mansvelt sê van sy houding teenoor die Kaaps-Hollandse taal, dít:

„Tegenover 't Kaapsch-Hollandsch sta ik geheel anders dan vóór ruim vyf jaren. Toen was myn eerste indruk niet heel gunstig, doch „onbekend maakt onbemind“, en naarmate myne kennis van 't Kaapsch-Hollandsch is toegenomen, heeft zich myn oordeel gewyzigd en heb ik ook 't goede leeren opmerken, dat ik by de eerste kennismaking over 't hoofd had gezien. - De eerste illusie van Changuion: „'t Hollandsch in Zuid-Afrika hersteld“, heb ik, even als hy zelf later ook gedaan heeft, als ondenkbaar laten varen“.

Mansvelt praat ook nog van ander Afrikaanse taalverskynsels soos „'t verdwynen van 't geslachtsonderscheid der substantieven“, en ook „'t verlorene gaan van byna alle sterke

of onreëlmatige vervoeging der werkwoorde", wat egter nie van direkte betekenis is vir hierdie studie nie.

Ons kan dus met algehele sekerheid beweer dat daar 'n lewendige belangstelling vir die woordeskat in hierdie tyd te bespeur is. Die voorafgaende bladsye getuig almal daarvan. Die woord as sulks trek meer en meer die aandag. Lysies word opgestel en groeperings gemaak.

En dan, in 1884, verskyn Mansvelt se 33) IDIOTICON, die daadwerklike resultaat van hierdie doelbewuste belangstelling. Dis 'n hele vooruitgang op die boek van Changuion, want by Mansvelt was die doel nie om 'n lys van woorde op te stel wat syns insiens uit Kaaps-Hollands verwyder moes word nie. Dit was 'n boek gewy aan die studie van die Afrikaanse woordeskat, aan die taalvorm dus wat eie was aan Suid-Afrika, en voorsien van "toelichtingen en opmerkingen betreffende Land, Volk en Taal".

Eers was hy Professor in moderne tale aan die Kollege te Stellenbosch en in 1891 is hy aangestel as Superintendent van Onderwys in Transvaal.

Wat die indeling van Mansvelt se boek betref, dit bestaan uit 'n alfabetiese woordelys, vergesel van 'n VOORBERICHT waarin die skrywer onder andere sy doel met die werk uiteensit. Agterin verskyn nog 'n AANHANGSEL plus VERBETERINGEN.

Mansvelt vind dit nodig om in sy VOORBERICHT te sê dat die titel van die werk miskien nie so 'n gunstige indruk maak nie, omdat IDIOTICON moontlik te veel aan die begrip "idiot" laat dink! Hy gee dus 'n omskrywing van die woord

„Idioticon“, naamlik „Woordenboek bevattende woorden en uitdrukkingen die aan een byzonder gewest (in dit geval Zuid-Afrika) eigen zyn“. Daarom het hy in sy lys ingesluit, ... „alleen die woorde en uitdrukkingen ..., welke 't hedendaagsche Nederlandsch ... (de taal van 't geheele rijk)... of niet kent, of in een anderen zin gebruikt“.

Wat was sy doel nou eintlik? Eers het hy dit begin aanteken, wat hom in die uitspraak en woordgebruik van Kaaps-Hollands vreemd opgeval het, dit wil sê al die eienaardighede, die afwykings van Nederlands, (vergelyk Pannevis se oordeel insake „Afrikanismen“). Dit doen hy om as Nederlandse onderwyser later nie dalk „ongevoelig“ te raak vir sy leerlinge se foute nie, om sy leerlinge makliker te begryp en om Nederlands vir hulle makliker verstaanbaar te maak. Later het hy hierdie aantekeninge al hoe meer uitgebrei. Hy het met die studerende Afrikaanse jeug en met hul taalbelangstelling, sowel as met die algemene leser, en die Nederlandse taalliefhebber rekening gehou by die opstel van sy lys. So kon Mansvelt die Nederlander se kennis van Afrikaans ook verruim.

Mansvelt sê dat hy wel enkele woorde aan Changuion se lys ontleen het, maar geeneen voor hy dit eers aan 'n behoorlike toets onderwerp het om uit te vind of die woord nie dalk ook in Nederland bekend is nie en of dit wêl die geval is dat dit as 'n sogenaamde Kaaps-Hollandse woord gereken kan word. Want Mansvelt was net soos Pannevis ook van mening, dat „men by hem (Changuion) woorden als eienaardig Kaapsch-Hollandsch vindt opgegeven, die of ook in Nederland algemeen bekend zyn, of die men hier volstrekt niet kent, althans 't tegenwoordige geslacht niet“.

„Verder heb ik“, sê Mansvelt, „zoals ter
plaats zal worden aangegeven, enkele opmerkingen te danken
aan den anonymen schryver (den heer H.L. Kessels?)
Doch den meesten dank aan zoovele myner tegenwoordige
en vroegere leerlingen “, vir hul belangstelling en bydraes.
Agtien jaar later sou die uitgewers van die PATRIOT-WOORDEBOEK
in hulle VOORBERICHT, teen hierdie bron van Mansvelt 'n waarsku-
wing laat hoor. Hulle het wel gebruik gemaak van die
IDIOTICON, sê hulle, maar daarby gevoeg „hoewel hy
(Mansvelt) destyds mer kort in Suid Afrika was en ni feui-
gerys het ni; sodat syn gegewens mer afkomstig is fan syn
leerlinge, wat hom blykbaar heel wat op di mou gespeelde het,
sodat syn werk met omsigtigheid moet gebruik worde“.³⁷⁾

In sy lys het Mansvelt die baie Engelse
woorde, wat dikwels in gesprekke voorkom, nie genoem nie,
daar dit volgens sy mening die werk sou ontsier.

Hy sê verder in sy VOORBERICHT dat die
woorde en uitdrukkinge deur hom in sy lys opgeneem, in groepe
verdeel kan word: 1) dié, onder bepaalde omstandighede
deur die volk self gevorm, wanneer daar behoefte aan gevoel
is; 2) oorspronklike Nederlandse woorde wat hier aan die
Kaap 'n mate van betekeniswysiging ondergaan het; 3) dié,
uit die Oud-Hollands van die 17de eeu, wat hier aan die
Kaap nog voortlewe, terwyl hulle in Nederland, byna of geheel,
in onbruik geraak het; en 4) woorde uit vreemde tale ont-
leen, veral uit Maleis.

By die oorgrote meerderheid van die
woorde is afleidings te vind, plus enige opmerkings in ver-
band met die afdruk van die Afrikaanse „levenswyze en

gebruiken" op die taal hier aan die suidpunt van Afrika. Mansvelt is daarvan bewus dat in sy lys nog heelwat woorde en uitdrukkinge ontbreek wat eintlik daarintuishoort. Heelwat van sy informasie is tweedehands, aldus Mansvelt self, omdat die kans nie vir hom daar was om „door reizen en ruimer verkeer land en volk grondiger te leeren kennen”.³⁸⁾

Mansvelt sê dat „zelfs de geboren Afrikaner” in hierdie lys miskien woorde sal teëkom wat vir hom heeltemal onbekend is, en dit skryf hy daaraan toe, dat daar ook van die Kaap tot aan die Limpopo dialektiese verskille voorkom, al is hulle maar klein.

Die genoemde IDIOTICON van Mansvelt, „vorm”, volgens Prof. Dr. S.P.E. Boshoff, „ten spyte van sy flagrante flaters en studente fiksie, vandag nog een van die hoekstene van ons Afrikaanse leksikografie. Aan die een kant is dit vir die kennis van die Afrikaanse woordeskat een van die hoofbronne gewees vir Europese, insonderheid Nederlandse, taalgeleerdes soos Schuchardt, Hesseling, de Winkel, van Ginneken e.a. in verband met die Afrikaanse woordelyste deur hulle versamel en verklaar, en deur Afrikaanse taalnavorers soos Dr. P.J. du Toit, Dr. D.B. Bosman en die skrywer hiervan (Boshoff) aangevul en uitgebrei, soms ook verbeter”.³⁹⁾ Ook was hierdie IDIOTICON die vernaamste bron vir die groot WOORDENBOEK DER NEDERLANDSCHE TAAL, wat betref sy gegewens oor die taal in Suid-Afrika. Boshoff merk in verband hiermee op: „Verbetering van die omskrywing in Ndl. woordesboeke van woorde in die buiteland in gebruik, en dus ook van Afrikaanse woorde, is meermale nodig geblyk”.⁴⁰⁾ Ons sien dus dat die werk van Dr. Mansvelt die belangstelling vir die spesifieke Afrikaanse woord nie alleen 'n groot stoot vorentoe gegee het

toe dit verskyn het nie, maar ook daarna steeds van besondere belang was vir die Afrikaanse taalstudie.

Na Changuion (1844) is daar dus heelwat vordering te bespeur. Van kort briefies in koerante, waaruit die belangstelling van sowel leser as redakteur blyk, het dit gekom tot lang artikels in verskillende tydskrifte, waarvan die ZUID AFRIKAANSCHÉ TYDSCHRIFT en die CAPE MONTHLY MAGAZINE die beste voorbeelde is. Die GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS word gestig en steeds vorder die Afrikaanse taalsaak en daarmee ook die leksikografie. Wat die twee woordelyste van 1844 en '84 respektiewelik betref, was dié van Mansvelt baie meer uitgebreid en vollediger as dié van Changuion. Maar ons in die geval van Changuion nog nie juis van 'n woordeboek kon praat nie, kan ons Mansvelt se IDIOTICON inderdaad een noem, 'n verklarende woordeboek, terwyl Changuion se lys vertalend is. Wessels het aanvoork werk gedoen met die verklaring van woorde en uitdrukkings deur hulle herkoms na te gaan. Hierop bou Mansvelt voort. Mansvelt was 'n yakman nes Changuion, Wessels was alleen maar 'n "taalliefhebber".

HOOFSTUK III - BRONNE.

- 1) Het Zuid Afrikaanse Tydschrift. 1878. In die „Voorwoord“ van hierdie uitgawe waarmee die „Nieuwe Reeks“ begin.
- 2) Gedenkboek ter eere van die Genootskap van Regte Afrikaners. (1875 - 1925). Uitgegee deur die Afrikaanse Studentebond. Potchefstroom. 1926. bls. 46. Die Aanhalings is geneem uit Hoofstuk I. Von Wielligh, G.R.: Die Betekenis van die Genootskap. (Toespraak voor die Afrikaanse Studentebond, Potchefstroom, 14 Augustus 1925).
- 3) Pienaar, L.C.: Die Triomf van Afrikaans. Historiese oorsig van die wording, ontwikkeling, skriftelike gebruik en geleidelike erkenning van ons Taal. Tweede Hersiens en Vermeerderde Druk. Kaapstad, ens. 1946. bls. 142.
- 4) Du Toit, S.J.: Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging ver vrind en vyand uit publieke en private Bronne, bewerk deur 'n Lid van die Genootskap van Regte Afrikaners, ^{Paarl 1880} bls. 68.
- 5) Mansvelt, N.: Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon, met toelichtingen en opmerkingen betreffende Land, Volk en Taal. Kaapstad 1884.
- 6) Z.A.T. (Nieuwe Reeks I), 1878.
- 7) Z.A.T. N.R. I, 1878, bls. 392.
- 8) Z.A.T. N.R. I, 1878, bls. 391. Redakteur: J.H. Hofmeyr, Jnr.
- 9) Z.A.T. N.R. II, 1878, bls. 486.
- 10) Z.A.T. Februarie 1879, bls. 58, vlg.
- 11) T.a.p. bls. 188.

- 12) T.a.p. bls. 392.
- 13) Z.A.T. Julie 1879, bls. 391.
- 14) T.a.p. bls. 531.
- 15) T.a.p. blss. 518 - 522.
- 16) Z.A.T., November 1880. blss. 641 - 643.
- 17) T.a.p. blss. 49 - 52.
- 18) Vol. II, Junie 1880, blss. 345 - 353;
Vol. III, Julie 1880, blss. 38 - 46;
Vol. III, Augustus 1880, blss. 86 - 97.
- 19) Universiteit van Kaapstad. 1949.
- 20) South African Magazine and Review, April 1880.
- 21) Aangenaal deur Kotze, t.a.p. bls. 28.
- 22) Kotze, t.a.p., bls. 65.
- 23) Kotze, t.a.p., bls. 62.
- 24) Kotze, t.a.p., bls. 67.
- 25) Kotze, t.a.p., bls. 69.
- 26) Hesseling, D.C.: Het Afrikaansch Bydrage tot de Geschiedenis
der Nederlandse Taal in Zuid-Afrika. Tweede Herziene en
Vermeerderde uitgave. Leiden. 1923. bls. 68 vlg. Hesseling
het die lys deur middel van Dr. A. Beets, uit die nalaten-
skap van Nicolaas Beets verkry. Sien bls. 69, voetnoot 1).
- 27) Hesseling t.a.p. bls. 69.
- 28) Hesseling t.a.p. bls. 71.

- 29) Hesselning t.a.p. bls. 69.
 - 30) Hesselning t.a.p. bls. 69, voetnoot 2).
 - 31) Hesselning bls. 71.
 - 32) T.a.p. blss. 395 - 409.
 - 33) Mansvelt, N.: Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon,
met toelichtingen en opmerkingen betreffende Land, Volk
en Taal. Kaapstad. 1884.
 - 33a) Nicolaas Mansvelt (1852 - 1933) het in September 1874 na
Suid-Afrika gekom op aandrang van ds. J. Lion Cachet.
(Raadpleeg vir verdere besonderhede Conradie, Elizabeth:
Hollandse skrywers uit Suid-Afrika. 'n Kultuur-Historiese
Studie. Deel II (1875 - 1905) Kaapstad, Pretoria. 1949).
 - 34) Voorbericht. bls. (iii)
 - 35) Voorbericht. bls. (iv)
 - 36) Voorbericht. bls. (iv)
 - 37) Patriot Woordeboek ens. Paarl. Eerste druk, 1902.
Voorberig, bls. (v).
 - 38) Voorbericht. bls. (vi).
 - 39) Boshoff, S.P.E.: 'n Standaardwoordeboek van Afrikaans.
Gedenkboek ter ere van die Genootskap van Regte Afrikaners
(1875 - 1925). Potchefstroom, 1926. bls. 312.
 - 40) T.a.p., bls. 312.
-

HOOFSTUK IV.

VAN MANSVELT TOT EN MET DIE „PATRIOT

WOORDEBOEK", (1884 - 1902).

Ons het reeds in Hoofstuk III vernem van die stigting van DIE GENOOTSAP VAN RECTE AFRIKANERS op 14 Augustus 1875, en van C.P. Hoogenhout en A. Pannevis se belangstelling vir Afrikaanse woorde soos blyk uit talle kort briefies in HET ZUID-AFRIKAANSE TYDSKRIFT. Die „Patriotmanne“, waaronder bogenoemde twee, is soos volg deur E.C. Pienaar gekarakteriseer: „manne van daad bodeel met 'n haas onuitputlike werkkrag en besiel met 'n onblusbare geesdrif en gloed van oortuiging vir die goeie reg van die taalsak, waarvoor hulle feitlik dag en nag gewerk het. - Maar ons het ook gesien dat dit vir hulle veel meer was as net 'n taalsak -
1) dit was 'n volksak“. Tydens die feesviering by die vyf-en-sewentigste herdenking van die stigting van die G.R.A., het Prof. G. Dekker, van die Universiteitskollege van Potchefstroom, hierdie manne „praktiese idealiste en gebore pedagoë“, genoem.
2) Om 'n beeld te vorm van die soort manne van hierdie Genootskap, hoef ons slegs te dink aan die werksaamhede van die verdienstelike Ds. Stephanus Jacobus du Toit (1847 - 1911), aan die ernstige, toe-gewyde en doelbewuste werker Casper Peter Hoogenhout (1843 - 1922), aan Oom Lokomotief (D.F. du Toit) en aan Arndius Pannevis (1838 - 1884).

Wat betref die geskiedkundige ontwikkeling van die Afrikaanse taalstryd na 1875, wil ek net kortliks 'n paar hoogtepunte aanstip: DIE PATRIOT (koorant), vanaf 15 Januarie 1876; die AFRIKANER BOND, gestig 1880 - '81; die erkenning van Hollands naas Engels in die Kaapse Parlement in Mei 1882; die S.A. Taalbond in Oktober 1890 opgerig, „ter bevordering van Hollands“; die instelling van die bekende Taalbondeksamens in 1892 onder leiding van ds. du Toit; die proewe van Bybelvertaling; ensovoorts.

Op die stigtingsvergadering van die

G.R.A. is besluit om te ywer vir die opstel van 'n Afrikaanse

Woordeboek.³⁾ Die NOTULEN VAN EEN VOORLOPIGE VERGADERING
VAN AFRIKAANDERS GEHOUDEN IN DIE PAARL OP DIE 14DE AUGUSTUS

1875,⁴⁾ sê: „Die Wel Eerw. S.J. du Toit stel voor, dat om een

Afrikaanse Woordeboek uittege al die lede versog worde om

elkeen een lys te maak van suiwer Afrikaanse woorde in die

order van die A.B.C. Algemeen aangenomen”.⁵⁾ Ds. du Toit sou

in die vervolg steeds weer op hierdie sask aandrang. Op die

vier daaropvolgende vergaderings van die genootskap maak hy

die onderwerp telkens weer aanhangig. J.D. du Toit sê dat

Oom Lokomotief (D.F. du Toit) toe die eerste was om 'n lys

van suiwer Afrikaanse woorde”⁶⁾ te bring, maar daarby het dit

blykbaar vereers ook gehly. Ds. du Toit gee in sy GESKIEDENIS

VAN DIE AFRIKAANSE TAALHEWEGING drie redes waarom hy meen

dat dit aan die een kant maar goed was dat die werk op daardie

stadium nie juis gevorder het nie. Die redes is die volgende:

1. Dis nog nie so hoog nodig nie; 'n spraakkuns was
nodig om die taal reg te leer skrywe, mar elke Afrikaner het
syn eie woordeboek in syn kop, as hy wil skrywe; en die woorde
sal nie uitsterwe nie.

2. Die plan was te beperk, namelijk om net suiwer
Afrikaanse woorde op te neem; as daar so 'n woordeboek uitgege
word dan moes dit alle woorde opneem, mar sonder verklaring;
net 'n woordeboek ver die spelling.

3. Mar daartoe is dit oek nog nie die tyd nie;
daar sou dadelik stryd ontstaan of dit moet mees (lees: woos)
ek of ik, oek of ook, mar of maar, ens”.⁷⁾

Ons sien dus dat die plan van die G.R.A.

om 'n woordeboek uit te gee, vroeër uitgespreek is as Mansvelt s'n,

maar Mansvelt s'n het eerder tot uitvoering gekom, en wel in 1884.

Op 15 en 16 Januarie 1896 word die Eerste Afrikaanse Taalkongres in die Paarl gehou onder die voorsitterskap van Ds. du Toit. „Wat die verhouding tussen Afrikaans en Engels betref, het ds. Du Toit „di uitgaaf van 'n vergelykende Taalkunde van en in albei tale en van 'n Woordeboek van Afrikaans-Engels en Engels-Afrikaans" bepleit". Hiervoor het hy maar min ondersteuning gekry. Die kongres wou hom nie vir Engels beywer nie - „voeleer moes alle moontlike kragte ingespan word om Afrikaans vooruit te help deur 'n Afrikaanse Taalkunde en 'n Afrikaanse Woordeboek op te stel en uit te ge⁸⁾“, waartoe dan ook 'n kommissie benoem is". 'n Tweede kongres volg in 1897.

Die reeds vermelde kommissie is benoem deur die Paarlse kongres in Januarie 1896, en eindelik verskyn „DE PATRIOT WOORDEBOEK (Paarl, 1902), 'n resultaat en vervulling van Art. XI van die program van aksie van die Genootskap van Regte Afrikaners ...⁹⁾“ Dis deur Ds. du Toit geskryf en uitgegee deur D.F. du Toit & Co. Paarl.

ONS KLYNTJIE, 'n koerantjie wat in Maart 1896 opgerig is en tot 1905 verskyn het, kondig sewe jaar later, in Maart 1903, die verskyning van hierdie PATRIOT WOORDEBOEK ewe „trots" aan as die vrug op lange jare se arbeid.

ONS KLYNTJIE sê, in die eerste plek is gebruik gemaak van wyle Mr. Arndus Pannevis se waardevolle versameling van Afrikaanse woorde, verbindings, betekenis en vorme, wat na sy dood onder sy geskrifte gevind is. Dié lys is nooit afsonderlik gedruk nie, en die manuskrip behoort vandag aan Dr. J.D. du Toit.¹⁰⁾ Is dit miskien die lys wat

die Z.A.T. in vooruitsig gestel het? Hoe dit ook al mag wees, hierdie lys was 'n waardevolle bron. Dis meer as waarskynlik dat Pannevis self al van dié lys van woorde, deur hom versamel, vir publikasiedoeleindes gebruik gemaak het, want in ONZE VOLKSTAAL, TYDSCHRIFT GEWYD AAN DE STUDIE DER NDL. TONGVALLEN 11) is 'n lys van Afrikaanse woorde gepubliseer, onderteken: A.P. (Paarl), wat later weer deur Nederlandse wetenskaplikes gebruik is. Boshoff sê in hierdie verband, dit: „Net soos in die geval Changuion - te Winkler is langs hierdie weg verminkte Afrikaanse woordvorme in Ndl. wetenskaplike werke tereg gekom, want uit die Afrikaanse woordelys van Pannevis in ONZE VOLKSTAAL is weer geput deur Taco H. de Beer en Dr. E. Laurillard vir hulle werk, WOORDENSCHAT, VERKLARING VAN WOORDEN EN UITDRUKKINGEN ('s Gravenhage, 1908)\". 12)

Ook nadat die uitgewers van die PATRIOT WOORDEBOEK uit bogenoemde versameling van Pannevis geput het, bly dit 'n bron wat telkens geraadpleeg word. „Van die feite- versameling in hierdie handskrif (in besit van Dr. J.D. du Toit) is egter reeds gedeeltelik gebruik gemaak deur Ds. S.J. du Toit vir sy artikels oor die AFRIKAANSE TAALSKAT (in ONS TAAL, 1908, 11 vlg)\". 13) Ds. du Toit was „namelik 'n hele end op weg gewes met s'n versameling en verklarings van Afrikaanse woorde en uitdrukkings, toen siekte en dood die werk ploteeling kom afbreek. Mr. Pannevis s'n ryke versameling, alleen in manuskrip aanwesig, het daarby uitnemend diens gedaen\" 14)

Verdere hulp vir die PATRIOT WOORDEBOEK is verkry uit Dr. Hansvelt se IDIOTICON, uit DIE PATRIOT en uit die AFRIKAANSE ALMANAK. Ook het ONS

KLYNTJ! baie bygedra deur 'n prys uit te loof aan die persoon, wat in 'n kompetisie die langste lys van suiwer Afrikaanse woorde sou instuur, dit wil sê woorde wat nie in 'n Hollandse woordeboek staan en ook nie op een of ander manier in Hollands gebruik word nie. Lyste, duisende woorde lank, is dan ook ontvang.¹⁵⁾

Die PATRIOT WOORDEBOEK bestaan, volgens¹⁶⁾ ONS KLYNTJ! van Maart 1903, uit plus-minus 16,500 woorde. Hiervan is 'n goeie 1100 - in skuins letters gedruk - suiwer Afrikaans, dit wil sê hulle ontbreek in Hollands, of kom in Hollands met 'n ander betekenis voor as in Afrikaans. Die Engelse betekenis van die woorde word ook in die woordeboek aangegee. Dit is dus tegelykertyd 'n vertalende woordeboek. By elke woord staan ook uit watter taal dit afgelei is, behalwe by die woorde, afkomstig uit Hollands, daar Afrikaans sê baie uit Hollands oorgeneem het. ONS KLYNTJ! sê: „Di boek beslaan 282 bladsye, klyne kwarto, in dubbele kolom, sterk ingebinde in linne band, en kos maar 2s.6d.” En verder: „Di nut fan di boek is feelfoudig. Fereers breng dit ons spelling nou meer tot eenformigheid, hoewel ons by enkele woorde waar werklik ferskil in uitspraak bestaan, alby spellinge gē, soos baing en banja. Mar feral kom ons Woordeboek goed te pas fer Afrikaners¹⁷⁾ wat wil Engels leer en Engelse wat ons taal wil leer”. Die hoofdoel was om deur wedersydse kennis van die twee tale, samewerking tussen die twee rasse te bevorder.

In die VOORREDE tot die PATRIOT WOORDEBOEK lees ons onder andere dit: „Wat ons gē is egter ni 'n uitfoarige woordeboek ni; ons het ons toegeleg op korthyd gepaard met folledigheid, om 'n handige sakwoordeboek te kry. Daartoe kon ons ni uitdrukkinge gē ni; selfs samegestelde

woorde het ons weggelaat waar die samestelling ni 'n andere betekenis kry deur di verbinding ni, of waar di samegestelde woord ni deur een woord in Engels uitgedruk word ni".¹⁸⁾

Prof. Dr. S.P.B. Boshoff sê dus tereg¹⁹⁾ dat hierdie werk glad nie volledig is nie. Ook sê hy dat daar meer as eenmaal woorde in voorkom wat as suiwer Afrikaans bestempel word (skuins gedruk) wat dialekties Nederlands en selfs ook Algemeen Beskaafd (A.B.) Nederlands is. Dan gee Prof. Boshoff in 'n lysie, voorbeelde van dié woorde wat hy bedoel, soos aandblommietii, aandikel, bakkiis, bali, ensovoorts.

In die **FOOREERIG** word verder versoek dat belangstellendes sal help om te verbeter en in te vul, wat Afrikaanse woorde betref. Die uitgewers "roep elke welmenende beoordelaar op om liwers te help met verbeterings" as om fout te seek en te fit."²⁰⁾

E.C. Pienaar sê die volgende: "Dit was dus eintlik nie meer as 'n Afrikaanse woordelys met Engelse ekwivalente nie, maar daarmee was die oorspronklike werkprogram van die G.R.A. ten slotte afgehandel".²¹⁾

Die **PATRIOT WOORDEBOEK** was egter nie die eerste versameling van Afrikaanse woorde na Mansvelt nie.

Reeds is na 'n lys in **ONZE VOLKSTAAL** verwys. In **ONZE VOLKSTAAL III** vernem ons van 'n **TRANSVAALSCHE SPRAAKKUNST**, en dan verskyn 'n **WOORDENLYST VAN HET TRANSVAALSCH (d.i. Afrikaans) TALEIGEN**.²²⁾ Hierdie lys toon ons hoedat belangstelling vir die Afrikaanse woord nou ook in Nederland begin ontstaan by taalliefhebbers. Hierdie belangstelling in 'n Nederlandse vakblad is heeltemal van 'n ander aard as dié waarmee ons kennis gemaak het in Teenstra se werk,

DE VRUCHTEN MYNER WERKZAAMHEDE. Hoewel ook in Nederland gepubliseer, is die stukkie Kaaps-Hollands alleen terloops ingevoeg om te wys hoe Nederlands hier aan die suidpunt van Afrika verander het. Teenstra het nie as taalkundige geskryf nie.

Die werksaamhede van DIE GEMDOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS het ook nie ongemerk verbygegaan aan die aandag in Nederland nie. Studie van Nederlandse tydskrifte bewys dat van die Patriotmanne verbinding gehad het met taal- en letterkundiges in Nederland. Ons kry daar al vroeg uitsprake oor die Afrikaanse taal. Verder word Afrikaanse dialoog gebruik in verhale oor die Kaap. Belangstelling vir die Afrikaanse woord bly nie uit nie en dit blyk dat Changuion se werk in dié opsig bekendheid verwerf het, en gebruik is. Bogenoemde mededelings insake Nederlandse belangstelling vir die Afrikaanse taal is afkomstig van Nev. H.A. Bax-Botha. In haar artikel, AFRIKAANS EN DIE NEDERLANDER, in DE NEDERLANDSE POST, MAANDELAAD VOOR ZUID-AFRIKA, lees ons: „Sinds 1875, toe die bewuste en openbare optree van die Afrikaner vir die erkenning van sy taal, ook in Nederland die aandag begin trek het, tot vandag toe, het Nederlanders hulle indrukke van Afrikaans laat hoor”.²³⁾

In hierdie tyd, naamlik die laaste kwart van die 19de eeu, het ook die „wetenskaplike” belangstelling vir Afrikaans, naas die populêre, begin ontwikkel en groei. Studente uit Suid-Afrika het in Nederland en Duitsland gaan studeer. Proefskrifte oor die taal, waarin woordstudies verwerk word, en waaraan woordelyste toegevoeg word, sien die lig.²⁴⁾ Ten eerste noem ons P.J. du Toit se naam met sy AFRIKAANSKE STUDIES (dissertatie, Gent 1905), en dan die

GLOSSARIUM in PRAKTISCHES LEHRBUCH DER KAPHOLLÄNDISCHEN
25)

SPRACHE van N.M. Hoogenhout. Laasgenoemde werk is 'n gramma-
tika en bloemlesing van Afrikaanse stukke, met 'n taamlike uitvoe-
rige woordelys agterin. Na verhouding is dit werklik 'n
uitgebreide lys. Aan die ander kant sien ons dat buitestaanders
ook belangstel. In hierdie verband noem ons J. te Winkel,
wat in sy uitvoerige studie HET NEDERLANDSCH IN NOORD-AMERIKA
EN ZUID-AFRIKA, melding maak van belangstelling vir die

Afrikaanse woord in Holland. 26) Ook van indirekte belang

is DIE SPRACHE DER BUREN, van H. Meyer-Benfey. 27) Hy wys op
afwykende vorms. Van die hand van D.C. Hesseling het verskyn
HET AFRIKAANS. BYDRAGE TOT DE GESCHIEDENIS DER NEDERLANDSE TAAL
28)
IN ZUID-AFRIKA, waarin ook woordelyste voorkom.

In dieselfde jaar as die PATRIOT WOORDE-
BOEK, dit wil sê in 1902, verskyn ook in druk: ENGLISH-CAPE
DUTCH VOCABULARY van J.P. Van Oordt, sowel as ENGLISH-
AFRIKANDER, AFRIKANDER-ENGLISH, A HANDY VOCABULARY van die hand
van C.N.G. Hunt. 30) Deur die navorsing van A. Coetzee blyk
dit dat daar in 1900 nog iets in hierdie rigting verskyn het,
naamlik: DUTCH PHRASE-BOOK AND VOCABULARY van Campbell. 31)

Ons het nou die ontwikkeling van die studie
van die Afrikaanse woordeskat in die 19de eeu gevolg, deur die
verloop daarvan te skets, en ons het gesien hoe die woordeskat-
studie steeds gegroei het in omvang en steeds noukeuriger van
aard geword het. Spesiale aandag is aan onderdele ook gewy.
Na die eerste woordelys of -versameling die lig gesien het,
het meer gevolg, totdat ons in die 19de eeu 'n werklik lewendige
studie van die spesifiek Afrikaanse woord vind.

HOOFSTUK IV - BRONNE.

- 1) Pienaar, E.C.: Die Triomf van Afrikaans, historiese oorsig van die wording, ontwikkeling, skriftelike gebruik en geloidelike erkenning van ons Taal. Tweede druk. Kaapstad, 1946. bls. 206.
- 2) Rede oor die radio, gehou op 30 Julie 1950.
- 3) Du Toit, J.D.: Ds. S.J. Du Toit in Weg en Werk. 'n Periode van Afrikaanse Oplewing. Paarl 1917, bls. 72.
- 4) Du Toit, J.D. t.a.p. bls. 66.
- 5) Du Toit, J.D. t.a.p. bls. 67.
- 6) Du Toit, J.D. t.a.p. bls. 72.
- 7) Du Toit, S.J.: Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging ver vrind en vyand uit publieke en private bronne. Paarl 1883. bls. 68.
- 8) Pienaar, E.C.: t.a.p. bls. 191.
- 9) Boshoff, S.P.E.: 'n Standaardwoordeboek van Afrikaans. Artikel in Gedenkboek ter eere van die Genootskap van Regte Afrikaners (1875 - 1925). Potchefstroom. 1926. bls. 312.
- 10) Malherbe, D.F.: Afrikaanse Spreekwoorde en verwante vorme. Bloemfontein, 1925. blss. 3 - 4.
- 11) Drie dele, Culemburg, 1862 - 1884.
- 12) Boshoff, S.P.E.: t.a.p. bls. 311.
- 13) Boshoff, S.P.E.: t.a.p. bls. 311.

- 14) Du Toit, J.D.: t.a.p. bls. 72.
- 15) Pienaar, E.C.: t.a.p. bls. 205.
- 16) Pienaar, E.C.: t.a.p. bls. 205. Vgl. ook Voorberig tot
Patriot Woordeboek, bls. (iii).
- 17) Pienaar, E.C.: t.a.p. bls. 205.
- 18) Patriot Woordeboek. Voorberig bls. (iii).
- 19) Boshoff, S.P.E.: t.a.p. bls. 313.
- 20) T.a.p. bls. (vi).
- 21) Pienaar, E.C.: t.a.p. bls. 205.
- 22) Onze Volkstaal III. Culemburg 1884. blss. 135 - 144.
- 23) Bax-Botha, Mv. H.A.: Afrikaans en die Nederlander.
Artikel in Nederlandse Post. Maandblad voor Zuid-Afrika,
Jaargang III, No. 8 (Desember 1949), bls. 14.
- 24) Bibliografie by Le Roux, Thomas Hugo: Beschryvende Klank-
leer van het Afrikaans, Leiden. 1910. blss. 9 - 11.
- 25) Wien und Leipzig. blss. 135 - 173.
- 26) Vragen van den Dag, XI, 1896, blss. 337 - 362, 418 - 442,
483 - 505.
- 27) Meyer-Benfey, H.: Die Sprache der Buren. Einleitung,
Sprachlehre und Sprachproben. Göttingen 1901.
- 28) Leiden. 1899. Tweede druk 1923.
- 29) Kaapstad, 1902.
- 30) London. 1901. Tweede druk, 1902.

- 31) Dutch Phrase-Book and Vocabulary. Compiled in Field Intelligence Department, Cape Town, Cape Colony. By 2nd Lieut. Archd. Campbell, Royal Artillery, under the correction of J.M. Carrol, Esq. Sworn Translator. Cape Town: W.A. Richards and Sons, Government Printers. 1900.
- Besprek deur A. Coetzee. Drie Vergete Afbeeldings van die Afrikaanse Grammatika en Woordeskat. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns. 1934/35. bls. 391.
-

HOOFSTUK V.

'N VOORLOPIGE ONDERSOEK NA DIE GANG-

BAARHEID VAN SOMIGE WOORDE IN

CHANGUION SE „PROEVE“.

Soos ons reeds gesien het, was Changuion se strewe die suiwering en herstel van „het Nederduitsch in Zuid-Afrika“. Met hierdie doel maak hy 'n lys van 425 woorde en uitdrukkings wat uit die taal geweer moet word, en noem dit PROEVE VAN KAAPSCH TAALEIGEN. Hy het wel nie daarin geslaag om suiwer Nederlands weer die plek te laat inneem van „Kaaps-Hollands“ nie, maar as ons vandag die lys bestudeer, vind ons dat dit heelwat woorde bevat wat in die huidige Afrikaanse taal nie meer gewoon is nie, of glad nie meer voorkom nie. Dit laat ons dink dat Changuion miskien tog 'n sekere mate van sukses kon gehad het ten opsigte van die woordeskat. Het sy lys nie miskien inderdaad daartoe bygedra om sommige woorde te weer uit die taal van die Kapenare nie? Dit het my die moeite werd gelyk om nader op hierdie vraag in te gaan.

Om die verouderde woorde uit Changuion se PROEVE te ekserpeer, het ek soos volg te werk gegaan: as toets daarvan of 'n woord vandag nog algemeen in Afrikaans voorkom, het ek dit nageslaan in Bosman en Van der Merwe se TWEETALIGE¹⁾ MOORDEBOEK. AFRIKAANS-ENGELS, daar ons dit kan beskou as 'n standaardwerk op hierdie gebied. So het ek elke woord in Changuion se lys gekontroleer, en drie groepe onderskei:

1. die wat glad nie by Bosman en Van der Merwe voorkom nie,
2. die wat wel voorkom, maar na vorm, betekenis of funksie sterk gewysig is en
3. die wat nog net so voorkom.

Groepe 1 en 2 maak plus-minus 33% van Changuion se lys uit.

Tussen 1844 en vandag is egter 'n tansai

2)
sprong. Vervolgens het ek hierdie lys uitgesoekte woorde
vergelyk met Prof. N. Mansvelt se IDIOTICON, om te sien
watter by hom voorkom in 1884 en watter nie. Dit kan 'n aan-
duiding wees van wat in 1884 nog gangbaar was.

Die woorde wat nóg by Bosman en
Van der Merwe, nóg by Mansvelt voorkom, is die volgende:

Auctie.	Martevaam of Martevaam.
Baakster.	Meeting.
Baals-leven.	Ongevoelloos.
Baskat.	Onvertogen.
Bill.	Or/verigheid.
Convict.	Parmentorig.
Grapuleus.	Peeg.
Dandy.	Pensen.
/// Dandysch.	/// Raaislag.
Diefte.	/// Rasper.
Dry-rot.	Safe.
Dubbelslot.	Schachery.
Enkelalot.	Schalten en walten.
Facta.	Schindloeder.
Fair.	Schoonder.
Fancy-Ball.	Slammert.
Gulskop.	Smeerkanis.
Hint.	Styf aan.
Honeymoon.	Tenderen. (ww.)
Interest.	Transeren.
Knoeps.	Vernibbelen.
/// Koerang.	Zevenen.
Kreps of Krips.	Zybord.
Lik.	Zyn (: s'n).
Manskerel.	Zuchtig.

Volgens hierdie lys sou 50 woorde uit die woordeskat verdwyn het. Daar bestaan 'n moontlikheid van verdere aanvulling. Waarom was dit juis die geval met hierdie woorde? Waarom is juis hulle nie ingeburger in die Afrikaanse taalskat nie? Tot watter gevolgtrekkings geraak ons, wanneer ons bogenoemde lys in oënskou neem?

By die eerste oogopslag sien ons al, dat dit veral vreemde woorde is wat uit die Afrikaanse woordeskat geweer is. Om na te gaan van watter aard die vreemde woorde in die bogenoemde lys is, dit wil sê of hulle regstreeks uit die vreemde taal oorgeneem is, dan wel via Nederlands, het ek gesaghebbende Nederlandse woordeboeke geraadpleeg. Maar
3) 4)
Koenen-Endepols en Van Dale geen uitsluitel gegee het nie, -
hulle lig ons nie in oor wat in en voor die 19de eeu gangbaar
5)
was in Nederlands nie - het ek die W.N.T. gebruik.

Volgens dié ondersoek is die volgende woorde dan waarskynlik direk uit Engels oorgeneem: Bill, Convict, Dandy, Dandysch, Dry-rot, Fair, Fancy-ball, Hint, Honeymoon, Interest, Meating, Pensen, Safe en Tenderen (w.). Hulle maak 26% van die lysie uit. 'n Vervorming van 'n Engelse woord het ons miskien in Baskat, want Changuion sê hiervan in sy PROEVE: "misschien uit het E. Waistcoat"; terwyl Zybord klaarblyklik 'n anglisisme is: Changuion gee tussen hakies Sideboard. Die gebruik van die woorde Auctie en Facta, wat oorspronklik afkomstig is uit Latyn, is heelwaarskynlik deur Engelse invloed aan die Kaap versterk, want die Engelse vorms auction en facts moes, soos vandag nog, algemeen gebruiklik gewees het.

Die volgende vervormde of ontleende woorde uit Frans en Duits het blykbaar sonder bemiddeling van die beskaafde

Nederlandse taal in Kaaps-Hollands verskyn, want ek vind die vorms nie in die Nederlandse Woordesboeke vermeld nie. Dit is natuurlik moontlik dat hulle tog oorspronklik in slordige of dialektiese Nederlands aan die Knap gebruik is. In ieder geval het ons hier nie te doen met „elegoed” nie, hoogstens met „geërfde leengoed”.⁶⁾ Die woorde uit Frans is: Cranuleus, Parmentoris (Changuion: „Het w. schynt uit peromtoir verbasterd”), Transeer-mes (trancher, F.) (dus moontlik ook Transeren); dié uit Duits is: Knoeps (Dts. Knuffen), Schalten en walten, Schindloeder (Dts. Schindluder).

Al hierdie „vreemde” woorde saam, 25 in aantal, vorm dus ongeveer die helfte van die verouderde woorde in Changuion se lys, en die grootste groep is die Engelse. Die eerste gevolgtrekking waartoe ons kom, is dan dat die vreemde element geweer is. Is daar ’n verklaring vir hierdie feit? Ja, dis in die tweede helfte van die 19de eeu dat daar bewus geywer word vir ’n eie Afrikaanse taal. Dink net aan Pannevis, Hoogenhout, S.J. Du Toit en andere. Die GENOOTSAP VAN REGTE AFRIKANERS word op 14 Augustus 1875 gestig. Die Afrikaner word meer en meer bewus van sy taal en knoop ’n stryd aan teen Engels. Die Eerste Afrikaanse Taalbeweging getuig daarvan. Aan die begin van die 19de eeu was Engels „die enigste amptelike taal” in skool en gereg. Selfs is dit as kerktaal in die Hollandse Kerk ook bepleit. Afrikaans is onderdruk as „kitchen-dutch”, of „kombuis-Afrikaans”. Teenstand het nie slegs van die kant van Engelssprekendes gekom nie. Selfs Afrikaanssprekendes het dit as platte afwyking van Nederlands beskou. Gelukkig was daar manne wat hulle vir ons taal beywer het, en hul ywer is met sukses bekroon. Hieraan is ongetwyfeld mede te danke die verdwyning van dié vreemde woorde wat volgens Changuion in 1844 nog gangbaar was.

Ek het verder probeer om die tydstip van verdwyning nog nader te bepaal.

Dat die woorde nie in Mansvelt se IDIOTICON voorkom nie, hoef nog nie te beteken dat hulle in 1884 al heeltemal ongebruiklik was nie. Mansvelt het met opset so min moontlik Engelse woorde in sy lys ingesluit, daar dit volgens hom die lys slegs sou ontstier. Dit op sigself is egter al 'n duidelike teken dat dié soort woorde bewus uit die Afrikaanse woordeskat geweer word. Die woorde: Dress (E), Dressen (ww.), Enteren (E), Karakter (E), Particulier (E), Policeman (E), Strops (E), gee Mansvelt wel (sommige egter in 'n gewysigde vorm.) Dit lyk dan na 'n teenstrydigheid. Moontlik was hulle teen 1884 nog „só ingeburger" in Afrikaans, dat Mansvelt hulle as Afrikaanse woorde „aangevoel" het.

'n Betroubaarder aanduiding het ons miskien in die artikels van Wessels uit 1880. In Cornelius van der Westhuizen Kotze se reedsvermelde skripsie, M.L. WESSELS SE BYDRAE TOT DIE STUDIE VAN KAAPS-HOLLANDS IN 1880, kry ek ag van die woorde onder bespreking, aangeteken as „Engelse leenwoorde", naamlik: Bill, Convict, Dandy, Fair, Hint, Honeymoon, Interest en Meeting. Nou is dit moontlik dat Wessels hulle sommer oorgeneem het uit Changuion, en dit hoef dus nog geen bewys te wees dat dié terme toe algemeen voorgekom het in die spreektaal nie. Maar waarom het Wessels dan slegs hierdie groepie oorgeneem? Hulle moes vir hom 'n vertrouder klank as die ander gehad het. Buitendien bewys die aard van Wessels se werk dat hy nie sonder insig en eie oordeel sulke woorde sou oorneem nie. Ons kan myns insiens dus voorlopig aanneem dat hierdie terme omstreeks 1880 nog wel gebruik is.

Twee-en-twintig jaar later egter kom geen

enkele van die hele groep vreemde woorde meer in die PATRIOT WOORDEBOEK voor nie, met die een uitsondering van Parmentorig, gewysig in vorm.

.
Ondersoek ons die oorblywende verouderde woorde in Changuion se PROEVE, dan ontstaan daar weer verskillende groeperings. Een daarvan kan ons stel onder die opskrif „samestellings”. Hierdie groepie sluit in: Baals-leven, Dubbelslot, Enkelslot, Gulskop, Manskerel en Raaislag. Hierdie voorwerpe en persone en begrippe bestaan seker vandag nog, en die name hoef miskien nie as verouderd te geld nie. Bosman en Van der Merwe gee wel tallo en tallo samestellings, maar soos Hnr. Van der Merwe self aan my gesê het, ðrens moes tog ’n grens getrek word. Omdat Bosman en Van der Merwe nie alle moontlike samestellings gee nie, hoef ons so ’n woord dus nie as verouderd te beskou alleen omdat dit nie in die woordeboek aan te tref is nie. So klink die samestellings dubbelslot, enkelslot, manskerel en raaislag dan vandag ook nog nie vreemd vir ’n Afrikaanse oor nie. Manskerel word trouens deur die PATRIOT WOORDEBOEK opgeneem. Maar Baals-leven en Gulskop is ongetwyfeld ongebruiklik. Wat die gebruiksfeer betref, hoort hulle by die ander Nederlandse terme uit die volkslewe: Wartevaam of wartevaam (wat Changuion verduidelik: „watervat tot huisgebruik, stande”), Schachery („kroeg”), Vernibbelen („(zich); „zich schromelyk ergeren, zonder het te doen blyken”) en Baakster („baker” : vroedvrouw). Van sommige hiervan kan gesê word dat hulle verouder geraak en verdwyn het mèt die begrip of voorwerp wat in onbruik geraak het.

Woorde, waarvan die aangetekende vorm op ’n verouderde of afwykende uitspraak of op foutiewe gebruik berus, is: Ongevoelloos, Overigheid, Raspel, Schoonder en Zevenen.

Hiervan kom die eerste vier nog in die PATRIOT HOORDEBOEK voor, maar in 'n gewysigde vorm. Waarskynlik word deur die verbeterende onderwys, die „normale" vorm in die loop van die 20ste eeu herstel en verdwyn die „afwyking" uit die taal van beskaafde sprekers.

Ten slotte is daar nog: Lik, Peeg en Styf aan. Eeragenoemde het waarskynlik uitgesterf deurdad die bepaalde spreekwoord, waarin dit volgens Changuion voorkom, („aan de lik; aan den drank of aan de fep,") miskien ook nie veel later as 1844 in gebruik gebly het nie. Dieselfde verklaring kan ons moontlik ook gee by die uitdrukkinge, waarin Peeg („iemand aan de peeg houden, gedurig tot een of ander werk inspannen") en Styf aan („byw.; gedurig"), voorkom.

Ek sal nou probeer bepaal watter woorde ná 1884 in onbruik geraak het. Dié wat reeds behandel is, het dus al voor die tyd verdwyn, want hulle kom al nie meer by Mansvelt voor nie. Hy het die werk van Changuion gebruik en sal dus goeie redes gehad het om hulle weg te laat.

Daar kom egter ook woorde by Changuion voor wat Mansvelt ook noem maar wat ons nie by Hosman en Van der Merwe aantref nie, en wat volgens my mening, in geen vorm of gebruik meer vandag in Afrikaans voorkom nie. 'n Lysie van die opvallendstes is:

Bibies.

Dress.

Dressen. (ww.)

Enteren.

Instal.

Opkogelen.

Schoerekeeln.

Nog by Van Wierburgh

WNT VI 1974

Hulle het dus sedert 1884 uit die Afrikaanse woordeskat verdwyn sodat hulle vandag as verouderd beskou word. Om te kontroleer, kyk ons net of die PATRIOT WOORDEBOEK (1902) hulle nog noem en dan vind ons daarin, van die sowe bogenoemde woorde, net nog Dres as Engelse werkwoord en Engelse selfstandige naamwoord. Die ander ses noem die PATRIOT WOORDEBOEK nie. Enter kom nog in 1880 by Kessels voor. Meer vind ons woorde uit vreemde tale hier sterk verteenwoordig, naamlik: Dress, Dressen en Enteren uit Engels, en Schoerakeln uit Duits. Ook Instal meen Changuion, is uit Hoogduits einstellen (staken). Die Afrikaanse woordeskat word dus meer en meer gesuiwer. Wat Bibies betref, Changuion gee dit as 'n woord wat gevind is in die kindertaal in die betekenis van „ongedierte op het hoofd.“ Opkogelen verklaar Changuion as „met klein geweer uit eene schuilplaats opjagen“. Vandag het ons opkeil ('n persoon aanja; „give it (a person) hot“), maar of daar verband is, is moeilik om sonder nader ondersoek uit te maak.

Daar is nog 'n ander klompie woorde wat nie in Bosman en Van der Merwe se woordeboek voorkom nie, of nie in die bepaalde vorm waarin Changuion hulle gee nie, maar waarvan ons tog nie kan sê, dat hulle nie in Afrikaans bestendig is nie. Hulle bestaan naamlik nog in 'n ander vorm of in individuele taal, sodat elke Afrikaner hulle dadelik sal erken. Die lysie is die volgende; vergelyk hulle met die woorde tussen hakies, wat Bosman en Van der Merwe noem:

Afvatten - vat : neem - vat het in Afrikaans al

Algemeen Beskaafd geword.

Baar, enw. - baar as bnw.

Bedleger, bnw. - bedleerig.

Bolderen	- <u>holderstebolder</u> .
Dooje lyk	- <u>dooie</u> en <u>lyk</u> .
Kaaps Kind	- <u>kaaps</u> en <u>kind</u> .
Tender (E)	- <u>tender</u> , in betekenis van <u>inskrywing</u> .
Tenderen ww. (E)	- <u>tender</u> .
Tjoep	- <u>tjoepstil</u> .

Van bogenoemde lysie gee die PATRIOT WOORDEBOEK (1902) nog: Baar (skuins gedruk, d.w.s. suiwer Afrikaans - kom glad nie, of in 'n ander betekenis in Hollands voor.), Bedleger (in die vorm bedlegerig), Kaaps(ch Kind), Strop(s), Tender (skuins gedruk), Tjoep (in E. „done for“). Dus woorde verouderd geraak sedert 1884 maak 4% van Changuion se PROEVE uit.

Saam met die so pas behandelde groepie, het die oorgrote meerderheid van die woorde in Changuion so lys wel deeglik bly voortbestaan in die Afrikaanse woordeskat sedert 1844 tot vandag, alhoewel sommige van hulle in Mansvelt se IDIOTICON (1884) ontbreek, en andere weer vorm- of betekenis-wysiging ondergaan het of alegs in 'n bepaalde gebruik of verbinding verouderd geraak het, getoets aan Bosman en Van der Merwe se gegewens. Alhoewel Changuion hulle destyds afgekeur het, was hulle lewenskragtig genoeg om te bly leef in die Afrikaanse woordeskat. By 'n eerste deurkyk van hiërdie woorde val die tipiese Afrikaanse karakter van baie van hulle - wat dus al teen 1844 algemeen bestendig was - ons dadelik op. Hulle behoort tot die alledaagse tipiese Afrikaanse spreektaal. Van dié wat die duidelikste te onderskei is, gee ons 'n lysie as voorbeeld: die woord na die strepie is die vorm van vandag.

Afrikaander	- Afrikaner.
-------------	--------------

(Af)vatten.	- vat.
Baarsch, (bnw.)	- baar.
Baatje.	- baadjie.
Bajan - banje.	- baie.
Blafon.	- plafon.
Braaf, (erg.)	- bra.
Danebol.	- ook: dennebol.
Danig.	- -
Drossert.	- droster.
Eier.	- vir enkelvoud.
Kardoes, (o.a. <u>sak</u> spe- siaal vir buskruit.)	- in algemeen: papiersak.
Klapperdot.	- klapperdop.
Kuÿeren.	- kuier, Ndl.: wandel.
Lat.	- -
Mos, (immers.)	- -
Onderbaatje.	- onderbaadjie.
Pierinkie.	- -
Sambok.	- -
Suikerbrood.	- verouderd in gebruik: tulband.
Tammeletje.	- tameletjie.

Etlike hiervan is woorde wat Afrikaans nie aan Nederlands ontleen het nie.

Bogenoemde lysie is natuurlik lank nie volledig wat betref tipiese Afrikaanse woorde nie. Verder hoort hierby al die ander woorde in Changuion se PROEVE-woorde waarvan tot dusver nie melding gemaak is as verouderd of veranderd nie. Hierdie res is nog ruim 'n 200 uit die hele lys van 425. Die meeste van hierdie woorde is Nederlands in oorsprong of het deur Nederlands in Afrikaans gekom. Almal het

egter reeds in Changuion se tyd òf in vorm òf in betekenis afgewyk van Nederlands. Changuion se doel was om die Nederlandse taal aan die Kaap te suiwer. Ily het Nederlands geken, en dus kan ons aanneem dat elke woord in sy lys aangegee, deur Changuion in een of ander opsig as or-Nederlands beskou is.

Ons merk dat daar by heelwat 'n nog verdere afwyking plaasgevind het sedert 1844, sodat die afstand tussen die Nederlandse en die Afrikaanse woord vandag nog groter is. By enkele egter vind ons die omgekeerde proses, want hulle het nader aan Nederlands gekom, byvoorbeeld horlosie (vandag) in plaas van allosie (omstreeks 1844), opinie i.p.v. elpinie, kameleon i.p.v. kameljoentje, klarinet i.p.v. klavernet, ornamente i.p.v. orlementen, skimp i.p.v. schempen, stuit i.p.v. stutten, uitgedos i.p.v. uitgedorst, verkyker i.p.v. vellekijker, winters i.p.v. wintersen, sisteen i.p.v. zeus'tema, sondaar i.p.v. zondenaar. Van die ander, waarby die afwyking van Nederlands intussen groter geword het, volg nou voorbeelde. Sover as moontlik sal ek die vorm - en betekenisverskille tussen die gebruik soos Changuion dit aangee, en dié van vandag (ongeveer volgens Bosman en Van der Merwe) aantoon:

- | | |
|---------------|---|
| Aans of aons. | - Beteken by Changuion: aanstonds;
vandag ook nog: miskien, dalk.
<u>aons</u> - spelling het verdwyn. |
| Aardig. | - Beteken by Changuion: lastig;
vandag: mooi, lekker; snaaks;
onaangenaam. |
| Afrikaander | - vandag: <u>Afrikaner</u> . |
| Ander. | - vandag verouderd in betekenis van
<u>nog 'n</u> . |
| Apekleuter. | - <u>Apekluit</u> . |

- Arikroukel. - Ook nog: arikruikel, alukruikel;
nie meer gebruik in betekenis van
'n klein mensie, nie.
- Bak. (snw.) - By Changuion: theeblad.
- Blyven. - bly. - by Changuion: wonen, :
"to stay".
- Bogtig. - vandag: boeterig.
- Bokkebaard. - by Changuion: bakkebaard, aan wang;
vandag: bokbaard, aan ken; ook:
bak(ke)baard, "whisker(s)".
- Cadux. - vandag: kaduks.
- Dolven. - Changuion: grond plus-minus 2, 3 vt.
diep onspit; vandag: dolwe (dolf),
diep onspit.
- Drukken. - vandag: druk. Verouderd as "op
een druk gaan" (weghardloop)
vergelyk: ondruk.
- Durabel. - 1844: "kostbaar, duur"; vandag:
sterk, goed, sal lank hou.
- Fiet. - viets.
- Gaat. - gaan.
- Jongentjies - 1844: gesê van klein katjies en
hondjies; vandag: jongetjies, seun-
tjies.
- Kaartkaart spelen. - kaartspeel.
- Kat. - kats.
- Koegel. - koeël.
- Kogchelen. - 1844: bytery en stotery tussen twee
langsmekaargespande perde of osse;
vandag: koggel, -namaak, terg, (uit)-
koggel.

- Krupsies. - 1844: „verouderde kwalen“;
vandag: aanstellery.
- Loer-Schep-Op. - onskep-loer.
- Nanél. - 1844: „jasje“; vandag: „frock-coat“.
- Maskie. - almaskie.
- Motje. - 1844: tante, verkleinwoord van moei;
vandag: motjie, „old coloured female“.
- Noordkaper. - 1844: walvis; vandag: noor(d)kapper,
- stormvis.
- Opgestoken. - opgesteek : opgehits.
- Reg-Reg. - rêrig, reg-reg, regtig.
- Rispes. - ruspe(r)s.
- Ruggens. - rûens.
- Schietroer. - roer.
- Settelaar. (E. Settler) - 1844: „aanbouwer“; vandag:
setlaar, - immigrant.
- Slim. - 1844: „schrander“; vandag:
intelligent, „cunning“.
- Stukjes (in: - stokkies in: stokkies draai.
„stukjes draaijen“)
- Suikerbrood. - 1844: „zeker gebak, tulband“;
vandag: verouderd in gebruik van:
tulband.
- Tafelgoed. - 1844: „vaten“ d.i. skottelgoed;
vandag: „table-linen“.
- Tjakki-tjakki - 1844: „om den schyn“; vandag:
tjakkie-tjakkie: albasterspel.
- Uithalen. - 1844: „het uitweiden van geschoten
wild“; vandag: binnegoed uithaal,
skoonaak.
- Uitwaaijen. - 1844: „ik het mit hom nix uit te
waaij nie; ik heb geen boodschap

	met hom"; vandag: <u>uitwaai</u> , - niks
	met hom te doen hê nie - dis dieselfde.
Vermaken	- 1844: „... <u>nix vermaken</u> "; geen kwaad
	doen - „deren"; vandag: <u>vermaak</u> , -
	„you won't spite me".
Voor.	- <u>vir</u> .
Wys.	- 1844: „bedilziek"; vandag: <u>wys</u> , -
	elwys; slim.

Hierdie woorde was dus - met vorm- of betekenisverskille - lewenskragtig sedert 1844 tot vandag. Van hulle, en van dié wat onveranderd bly leef het, is daar heelwat wat reeds in 1825 by M.D. Teenstra voorkom. Hier volg die lysie van woorde by Teenstra. Tussen hakies volg die vorm soos deur Changuion (C.) aangegee: anders (C.: ander); biltong; bort; bottels (C.: bottel); braaf; danig; gaan (C.: gaat); jonge (C.: jongen); kombuis (C.: koombuis); kuyeren; lekker; liever (C.: lievers); loopen (C.: loopen); memme; mensch : Nederlands: men; pad : Nederlands: weg; rech (C.: reg); ruggens; schoon (betekenisverskil by C.); seuer (C.: seur); sies!; slim; trek : stap (C.: trekken); vark; vlei; voor; wagen (C.: wagen-pad); zeer (betekenisverskil by C.); ensovoorts.

Die resultate wat afgelei kan word uit die lysie soos gegroepeer in hierdie hoofstuk V, bevestig dus die algemene gevolgtrekking van A.M. Conradie: „Ons sien hieruit al dat baie van ons bekende Afrikaanse woorde van vandag 'n aansienlike wysiging in betekenis ondergaan het sedert 1844. Ander woorde weer, wat destyds blykbaar in algemene gebruik was, het heeltemal uitgesterf".⁷⁾

Onder die woorde wat vandag nog bestaan, is daar egter plus-minus 47 wat ek nie in Mansvelt se IDIOTICON

kry nie. Onder hulle kan ons byna net Blafon (vandag: plafon) as tipies Afrikaans beskou. Moontlik het Mansvelt hulle ook maar net oor die hoof gesien en kan sy lys nie op volledigheid aanspraak maak nie. Elkeen van hierdie woorde wyk af van Bosman en Van der Kerwe se gegewens: of in vorm, of in betekenis, of in 'n bepaalde gebruik. Insake die volledigheid van Mansvelt se IDIOTICON, sê Prof. J. du P. Scholtz: „Tussen die jare 1878 en 1882 het daar in die Z.A. Tydschr. heelwat mededelinkies oor Afr. woorde en uitdrukkinge verskyn. Dié woorde en uitdrukkinge is byna almal deur Mansv. in sy Idiot. oorgeneem. Ek mis daarin egter die woord kwee-kwee (koewé-koewé), wat in die Feb.-aflewering van 1882, p.63, naas enkele andere as 'n woord van Maleise oorsprong in Afr. genoem word. Vgl. Van Runkel, Maleisch Woordenboek, waar koewé, kweé-kweé, in die bet. „koek, koekjes, gebak“, vermeld staan. Vir sover ek kon nagaan, is die woord nou heeltemal verouderd, ook onder die Maleise bevolking in die Kaap“.

Wanneer ek hierdie woorde wat ons by Mansvelt mis, in die PATRIOT WOORDEBOEK naslaan, kry ek inderdaad sommige van hulle daarin. As voorbeeld, volg hier 'n lysie. Die woorde wat eerste genoem word, is dié van Changuion en dié tussen hakies is soos dit in die PATRIOT WOORDEBOEK staan. Die aanduidings; vorm en betekenis, wys op die soort verandering wat ingetree het sedert Changuion: Bak (snw); Blafon (Plafond - vorm); Bus, „kinderspeeltuig“, „stooter“ (sn. „box, barrel“. - betekenis); Durabel; Gang; Kat (Kats - vorm); Klavernet (Klarinet - vorm); Overigheid (Orighyd, Overhyd - vorm); Parmentorig (Parmentig - vorm); Poot; Raapel (Raspe - vorm); Respekt (Respect - vorm); Stukjes draaijen (Stokkils-draai - vorm); Stutten (Stuit - vorm); Tittel (Titel - vorm); Vellekyker (Fërkyker - vorm); Voor (Fer - vorm); Zyn (syn - vorm; Afrikaans: s'n); ensovoorts.

Koorde wat die PATRIOT HOORDEBOEK (1902) opgeneem het,
verwag ons in 1884 wel by Mansvelt, aangesien Changuion hulle
reeds in 1844 opgeteken het.

HOOFSTUK V - BRONNE.

- 1) Bosman, D.B.; Van der Merwe, I.W. en ander medewerkers:
Tweetalige Woordeboek. Afrikaans - Engels. 3de verbeterde uitgawe. Kaapstad, ens. 1946.
 - 2) Groepe 1 en 2.
 - 3) Koenen, H.J. en Endepols, J.: Verklarend Handwoordenboek der Nederlandse Taal. 22ste druk. Bewerk deur Dr. K. Heeroma en Prof. Dr. H. Verdeyen. Groningen, ens. Oktober 1948.
 - 4) Van Dale's Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal.
6de uitgawe. 'S-Gravenhage 1924.
 - 5) Vries, M. de, te Winkel, L.A. e.a.: Woordenboek der Nederlandsche Taal. 'S-Gravenh. en Leiden, verskyn vanaf 1882.
 - 6) Terme ontleen aan Boshoff, S.P.E.: Volk en Taal van Suid-Afrika. Kaapstad 1921.
 - 7) Conradie, A.M.: t.a.p. bls. 86.
 - 8) Scholtz, J. du P.: Verdere Bydrae tot die Geskiedenis van die Afrikaanse Woordeskat. T.W.K. bls. 185, Noot 2) In hierdie artikel het Prof. Scholtz Afrikaanse geskrifte tussen 1876 en 1900 behandel.
-

'N DANKBETUIGING.

Hiermee betuig ek my hartlike en innige dank aan Mev. M.A. Bax-Botha, Litt. Dra., vir haar hulp, leiding, vriendelikheid en opofferinge teenoor my by die skryf van hierdie skripsie. Baie, baie dankie ook aan Prof. Dr. J. du P. Scholtz, wat my soveel moeite bespaar het deur bepaalde resultate van sy ondersoek vir my beskikbaar te stel. Dis ook aan hom te danke dat hierdie onderwerp aangepak is.
